# DIE OPENBARING

# AAN JOHANNES

## Inleiding

Die naam van die boek word afgelei uit die eerste vers: “Die openbaring *van* Jesus Christus ... *aan* Johannes.” Die woord “openbaring” is afgelei uit die Griekse woord *apokalupsis,* wat vertaal kan word as “onthulling”, “bekendmaking” of “openbaring”.

*Openbaring* het waarskynlik teen ongeveer 95 nC, gedurende die regeertyd van keiser Domitianus, ontstaan. Volgens 1:9 was die skrywer op die eiland Patmos toe hy die visioene vir die boek gesien het.

Die skrywer van *Openbaring* stel homself voor as Johannes (1:2,4,9). Volgens oorlewering was hy die dissipel Johannes, seun van Sebedeus, wat sy laaste lewensjare in Efese deurgebring het. Sommige geleerdes meen egter dat die skrywer 'n rondgaande apokaliptiese profeet in Klein-Asië kon gewees het.

Die eerste historiese lesers of hoorders van *Openbaring* was die gemeentes in Klein-Asië (1:4), gewikkel in 'n krisis, uitgelok deur die Jode en vervolg deur die Romeinse owerheid.

*Openbaring* kan tegelyk as 'n *brief* (Johannes se herderlike skrywe aan die gemeentes in Klein-Asië), 'n *profesie* (die bekendmaking van God se wil) en 'n *apokalips* ('n geskrif waarin God se optrede onthul word) beskou word. Die doel van die boek is om gelowiges wat vervolg en verdruk word te troos en te bemoedig met die versekering dat God oor alles en

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

almal bly regeer, totdat Hy uiteindelik alles volkome nuut sal maak. Terselfdertyd word *Openbaring* aangebied as 'n *dramatiese vertelling* van visoene wat deur middel van simboliek, beeldspraak en retoriek gelowiges begelei na die wederkoms van Jesus Christus.

*Openbaring* is sterk trinitaries ingestel. *God* word beskryf as die Heerser op sy troon in die hemel (4:1). Hy regeer oor alles en almal, ook oor die huidige wêreldgeskiedenis: Hy tref die goddeloses met sy oordeel (die seëls, trompette en bakke), maar merk die gelowiges wat volhard, simbolies as sy eiendom, op grond van die offerdood van Jesus Christus. *Christus* is die betroubare getuie, wat as die geslagte Lam waardig is om die seëls van die boekrol wat die verdere verloop van die wêreldgeskiedenis bepaal, een vir een oop te breek (5:1-14). Hy sal ook, nadat Hy die finale oorwinning oor Satan, die Antichris en die Vals Profeet behaal het, as bruidegom sy bruid laat aansit by die bruilofsfees, om dan vir altyd volmaak by God in die Nuwe Jerusalem te woon. Die *Heilige Gees,* voorgestel as die sewe Geeste (1:4), vestig die erkenning van God se alleenheerskappy op aarde deur die getuienis van die gelowiges, ten spyte van die fel aanslag van die antichristelike magte. Die eskatologiese boodskap van *Openbaring,* gerig op die eindtyd, loop uit op die wederkoms van Christus — die klimaks waarheen alles en almal op pad is.

Die boek kan ingedeel word in sewe hoofdele, of vanuit die hoek van 'n dramatiese vertelling (verhaal).

In sewe hoofdele:

1:1-20 Inleiding
2:1 — 3:22 Deel 1: Sewe briefboodskappe
4:1 — 8:5 Deel 2: Sewe seëls van God se wêreldregering en oordeel
8:6 — 11:19 Deel 3: Sewe trompette van waarskuwing en oordeel

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

12:1 — 14:20 Deel 4: Optrede van Satan (draak), die Antichris en die Vals Profeet
15:1 — 16:21 Deel 5: Sewe bakke van die oordeel
17:1 — 19:10 Deel 6: Val van Babilon (Rome)
19:11 — 22:5 Deel 7: Finale oorwinning en aanbreek van die nuwe bedeling
22:6-20 Afsluiting
22:21 Seëngroet

As verhaal in drie dramatiese bedrywe:

1:1 — 3:22 Bedryf 1: God verteenwoordig in die kerk deur die verheerlikte Jesus Christus
4:1 — 11:19 Bedryf 2: God deur Jesus Christus besig in die heelal om oordeel en verlossing te voltrek
12:1 — 22:20 Bedryf 3: God deur Jesus Christus teenwoordig in die geskiedenis, wat uitloop op Christus se wederkoms as die klimaks
22:21 Seëngroet

# 1

## Proloog

1 Hier volg 'n openbaring deur Jesus •Christus wat God Hom gegee het
om aan sy diensknegte te toon wat binnekort moet gebeur.* Hy het dit
aan sy dienskneg Johannes duidelik gemaak deur sy engel wat Hy
gestuur het. 2 Dit is hy wat getuig van die woord van God en die
getuienis deur Jesus Christus* - alles wat hy gesien het.
3 Gelukkig is die een wat dit voorlees, en ook hulle wat die woorde van

*1:1 **Hier ... gebeur:** Dan 2:28-29,45; Op 1:19; 22:6

*1:2 **die woord ... Christus:** Op 1:9; 6:9

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

dié profesie hoor, en wat daarin geskryf staan, nakom,[*] want die bestemde tyd is naby.[*]

### Groete en lofprysing

4 Johannes,
aan[a] die sewe •gemeentes in Asië:[b]

Genade vir julle en vrede
van Hom wat is[*] en wat was en wat kom,[*]
en van die sewe Geeste[c] wat voor sy troon is;
5 en van Jesus •Christus,
die betroubare getuie,[*]
die •Eersgeborene uit die dood[d*]
en die heerser oor die konings van die aarde.[*]

Aan Hom wat ons liefhet

---

[*]**1:3 wat daarin … nakom:** Op 22:7

[*]**1:3 want … naby:** Op 22:10

[a]**1:4 aan:** In die formele briefstyl soos deur die skrywer gebruik, ontbreek die werkwoord wat in die gedagte aangevul moet word, naamlik "skryf" aan.

[b]**1:4 Asië:** 'n Romeinse provinsie. Die westelike deel van Klein-Asië, die huidige Wes-Turkye, saam met verskeie eilande en kusstede van die Egeïese See, met Efese as hoofstad.

[*]**1:4 Hom wat is:** Eks 3:14; Op 1:8; 4:8; 11:17; 16:5

[*]**1:4 Hom wat is … kom:** Jes 41:4; Op 1:8; 4:8

[c]**1:4 die 7 Geeste:** Die sewe Geeste (vgl Op 3:1; 4:5; 5:6) moet verstaan word as benaming van die Heilige Gees in sy veelvuldige en omvattende werking.

[*]**1:5 die betroubare getuie:** Op 3:14; 19:11

[d]**1:5 dood:** Letterlik 'dooies'.

[*]**1:5 die Eersgeborene … dood:** Ps 89:28; Kol 1:18

[*]**1:5 die heerser … aarde:** Ps 89:28; Op 19:16

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

en ons deur sy bloed van ons sondes verlos het,[*]
6 wat ons 'n koninkryk gemaak het,
priesters vir God,[*] sy Vader —
aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe,
vir ewig en ewig. •Amen.

7 Kyk, Hy kom met die wolke,[e]
en elke oog sal Hom sien,
selfs hulle wat Hom deurboor het;[f]
en al die volke op die aarde
sal oor Hom treur.[g]
Ja, amen!

8 "Ek is die Alfa en die Omega,[h] die Een wat is[*] en wat was en wat kom,"[*] sê die Here God, die Almagtige.[*]

---

[*] **1:5 ons deur … verlos het:** Ps 130:8; Jes 40:2

[*] **1:6 ons … God:** Eks 19:6; Jes 61:6; 1 Pet 2:5,9; Op 5:10; 20:6

[e] **1:7 Kyk … wolke:** Dit verwys na Dan 7:13 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 24:30; Mark 13:26; Luk 21:27; 1 Thess 4:17.

[f] **1:7 en elke … deurboor het:** Dit verwys na Sag 12:10 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 19:34,37.

[g] **1:7 al die volke … treur:** Dit verwys na Sag 12:10,12,14 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Matt 24:30.

[h] **1:8 Alfa … Omega:** Die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet; vgl Op 21:6; 22:13. Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna "die begin en die einde". Dit ontbreek egter in die •bronteks.

[*] **1:8 die Een wat is:** Eks 3:14; Op 1:4; 4:8; 11:17; 16:5

[*] **1:8 die Een … kom:** Jes 41:4; Op 1:4; 4:8

[*] **1:8 sê … Almagtige:** Am 3:13 •Septuagint; 4:13 •Septuagint; Op 4:8; 11:17; 15:3; 16:7,14; 19:6,15; 21:22

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

## Johannes se visioen van Christus

9 Ek, Johannes, julle broer en 'n deelgenoot in die verdrukking en in die
koninkryk en in die volharding in ons verhouding met Jesus, was op die
eiland wat Patmos genoem word, op grond van die woord van God,
naamlik die getuienis deur Jesus •Christus. 10 Op die dag van die Here
het die Gees van my besit geneem en het ek agter my 'n harde stem soos
dié van 'n basuin gehoor 11 wat sê: "Skryf wat jy sien in 'n •boekrol op en
stuur dit aan die sewe •gemeentes: na Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira,
Sardis, Filadelfia en Laodisea."

12 Ek het omgedraai om te sien wie se stem dit is wat met my praat. Toe
ek omdraai, het ek sewe goue kandelare gesien, 13 en in die middel van
die kandelare iemand net soos die •Seun van die Mens.[i] Hy het 'n kleed
wat tot op die voete hang, gedra met 'n goue band[j] wat om sy bors
vasgebind was.[*] 14 Sy kop en hare was so wit soos wit wol, soos sneeu,[*] en
sy oë soos 'n vlammende vuur. 15 Sy voete was net soos gloeiende koper[*]
in 'n rooiwarm oond en sy stem soos die gedruis van baie waterstrome.[*]

---

[i] **1:13 iemand ... Mens:** Dit verwys na Dan 7:13 as heenwysing na Jesus Christus.

[j] **1:13 goue band:** 'n Dagwerker het gewoonlik die band om sy heupe gedra om sy kleed (rok) in te steek. As hy klaar gewerk het, is die band om die bors vasgemaak. Dit het ook vir hoogwaardigheidsbekleërs gegeld. Christus voldoen aan albei: Hy het klaar gewerk en Hy is die verheerlikte.

[*] **1:13 Hy het ... was:** Eseg 9:2,11 •Septuagint; Dan 10:5

[*] **1:14 Sy kop ... sneeu:** Dan 7:9

[*] **1:14-15 sy oë ... koper:** Dan 10:6; Op 2:18; 19:12

[*] **1:15 en sy stem ... waterstrome:** Eseg 1:7,24; 43:2; Op 14:2; 19:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[16] In sy regterhand[k] het hy sewe sterre[*] gehou, uit sy mond het daar 'n skerp swaard met twee snykante gekom,[l] en sy gesig was soos die son wat in al sy felheid skyn.

[17] Toe ek Hom sien, het ek voor sy voete neergeval soos 'n dooie, maar Hy het sy regterhand op my gelê en gesê: "Hou op om bang te wees, Ek is die Eerste en die Laaste[m] [18] en die Lewende. Ek was dood, maar kyk, Ek leef vir ewig en ewig; ook hou Ek die sleutels van die dood en van Hades.[n] [19] Skryf dan op wat jy gesien het, wat daar is, en wat hierna gaan gebeur.[*] [20] Dit is die misterie van die sewe sterre[*] wat jy in my regterhand gesien het en van die sewe goue kandelare: Die sewe sterre is die sewe boodskappers[o] van die sewe gemeentes, en die sewe kandelare is die sewe gemeentes."

---

[k]**1:16 regterhand:** Omdat die •regterhand gewoonlik die sterker hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

[*]**1:16 7 sterre:** Op 1:20; 2:1

[l]**1:16 uit ... gekom:** Dit verwys na Jes 49:2 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Heb 4:12; Op 2:12,16; 19:15.

[m]**1:17 Ek is ... Laaste:** Dit verwys na Jes 41:4; 44:6; 48:12 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Op 2:8; 22:13.

[n]**1:18 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal. Dit is die "•Doderyk" of "onderwêreld" genoem. Soms is dit ook as 'n tronk voorgestel.

[*]**1:19 wat hierna ... gebeur:** Jes 48:6 •Septuagint; Dan 2:28-29,45; Op 1:1; 22:6

[*]**1:20 7 sterre:** Op 1:16; 2:1; 3:1

[o]**1:20 boodskappers:** Kan ook vertaal word met "engele"; vgl Op 1:1. Hier word verwys na die voorgangers van die gemeente.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# 2

## Briefboodskappe aan die sewe gemeentes in Asië

*Aan die gemeente in Efese*

1 “Skryf aan die boodskapper[p] van die •gemeente in Efese:

“Dit sê Hy wat die sewe sterre[*] in sy regterhand[q] hou en wat tussen die sewe goue kandelare rondbeweeg,

2 “ ‘Ek ken jou dade,[*] jou inspanning en volharding, en weet dat jy
slegte mense nie kan verdra nie. Daarom het jy daardie mense wat
sê dat hulle •apostels is, maar nie is nie, getoets[*] en hulle as
leuenaars uitgewys. 3 Verder hou jy aan om te volhard en het jy ter
wille van my Naam baie verduur sonder om moeg te word. 4 Maar
Ek hou dit teen jou dat jy jou eerste liefde versaak het. 5 Onthou
dan waarvandaan jy uitgesak het en bekeer[*] jou: Gaan doen weer
wat jy vroeër gedoen het. Anders, as jy nie tot bekering kom nie,
sal Ek na jou toe kom en jou kandelaar van sy staanplek af
verwyder. 6 Maar dít tel in jou guns: Jy haat die dade van die
Nikolaïete[r] wat Ek ook haat.[*]

---

[p]**2:1 boodskapper:** Kan ook vertaal word met “engel”; vgl Op 1:1. Hier word verwys na die voorganger van die gemeente.

[*]**2:1 7 sterre:** Op 1:16; 3:1

[q]**2:1 regterhand:** Omdat die •regterhand gewoonlik die sterker hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

[*]**2:2 Ek … dade:** Op 3:1,8,15

[*]**2:2 Daarom … getoets:** 1 Joh 4:1

[*]**2:5 bekeer:** Op 2:16,22; 3:3,19

[r]**2:6 Nikolaïete:** Verwys moontlik na 'n godsdienstige rigting wat aan afgode geoffer het en op groot skaal onsedelikheid bedryf het; vgl Op 2:14-15.

[*]**2:6 Jy … haat:** Ps 139:21

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[7] " 'Wie ore het, laat hy luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan wie oorwin, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe[*] wat in God se paradys[*] staan.' "

*Aan die gemeente in Smirna*

[8] "Skryf ook aan die boodskapper van die •gemeente in Smirna:

" 'Dit sê die Eerste en die Laaste,[s] wat dood was, maar lewend geword het,

[9] " 'Ek ken jou verdrukking en jou armoede, maar tog is jy ryk.[*] Ek weet ook van die lastering deur diegene wat beweer dat hulle Jode
is en dit nie regtig is nie, maar 'n sinagoge van Satan.[t*] [10] Moenie vir
enigiets wat jy nog gaan ly, bang wees nie. Kyk, die Duiwel gaan sommige van julle in die tronk laat gooi om julle te toets. Tien dae lank sal julle verdruk word.[*] Wees net getrou tot die dood toe, en Ek sal aan jou die oorwinnaarskrans van die lewe[*] gee.

[11] " 'Wie ore het, laat hy luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Wie oorwin, sal beslis nie deur die tweede dood[*] skade ly nie.' "

---

[*]**2:7 die boom ... lewe:** Gen 2:9; 3:22,24; Op 22:2,14

[*]**2:7 God se paradys:** Gen 2:8 •Septuagint; Eseg 28:13 •Septuagint; 31:8-9 •Septuagint

[s]**2:8 die Eerste ... Laaste:** Dit verwys na Jes 41:4; 44:6; 48:12 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Op 1:17; 22:13.

[*]**2:9 armoede ... ryk:** Jak 2:5

[t]**2:9 sinagoge van Satan:** Dui die teenstanders van die gemeente as 'n vergadering van •Satan aan; vgl Op 3:9.

[*]**2:9 diegene ... Satan:** 2 Kor 11:14-15; Op 3:9

[*]**2:10 om julle ... word:** Dan 1:12,14

[*]**2:10 oorwinnaarskrans ... lewe:** Jak 1:12

[*]**2:11 die tweede dood:** Op 20:14; 21:8

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

*Aan die gemeente in Pergamum*

12 "Skryf ook aan die boodskapper[u] van die •gemeente in Pergamum:

"Dit sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het,[v]

13 " 'Ek weet waar jy woon, daar waar die troon van Satan[w] is. Jy
hou egter aan My Naam vas. Jy het selfs nie jou geloof in My
verloën nie, in die dae toe Antipas, my betroubare getuie,
doodgemaak is daar by julle, waar die Satan woon. 14 Maar Ek hou
'n paar dinge teen jou: Jy het mense in jou midde wat die leer van
Bileam aanhang. Hy het Balak geleer om 'n strik vir die kinders van
Israel te stel, naamlik om van die afgodsoffers te eet en hulle
onsedelik te gedra.[*] 15 Net so het jy ook mense wat die leer van die
Nikolaïete aanhang, wat hulle op hierdie manier gedra. 16 Kom dan
tot bekering, anders sal Ek baie gou na jou toe kom[*] en met die
swaard van my mond[*] teen hulle oorlog maak.

17 " 'Wie ore het, laat hy luister na wat die Gees aan die gemeentes
sê. Aan wie oorwin, sal Ek van die verborge manna[*] gee, en Ek sal

---

[u]**2:12 boodskapper:** Vgl voetnoot in Op 2:1.

[v]**2:12 die skerp … het:** Dit verwys na Jes 49:2 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Heb 4:12; Op 1:16; 19:5.

[w]**2:13 Satan:** Die benaming "Satan" is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat 'teenstander' of 'aanklaer' beteken.

[*]**2:14 die leer … gedra:** Num 31:16; 25:1-2; Jud vs 11

[*]**2:16 sal … kom:** Op 3:11; 22:7,12,20

[*]**2:16 die swaard … mond:** Jes 49:2; Op 1:16; 2:12; 19:15

[*]**2:17 die verborge manna:** Ps 78:24

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

vir hom 'n wit klippie[x] gee, ja, 'n klippie waarop 'n nuwe naam[*]
gegraveer is en wat niemand anders ken nie behalwe die een wat
dit ontvang.' "

*Aan die gemeente in Tiatira*

18 "Skryf ook aan die boodskapper van die •gemeente in Tiatira:

"Dit sê die •Seun van God, wat oë het soos 'n vlammende vuur en
voete soos gloeiende koper,[*]

19 " 'Ek ken jou dade en liefde en geloof en diens en volharding, en
weet dat jou latere dade die eerstes oortref. 20 Maar Ek hou dit teen
jou dat jy die vrou Isebel net laat begaan — sy wat haarself 'n
profetes noem en my diensknegte leer en verlei om onsedelik te
leef en om afgodsoffers te eet.[*] 21 Ek het haar tyd gegun om tot
bekering te kom, maar sy weier om haar te bekeer van haar
hoerery. 22 Kyk, Ek werp haar op 'n siekbed, en ook hulle wat met
haar egbreuk gepleeg het, in groot verdrukking, as hulle hulle nie
van haar praktyke bekeer nie. 23 En haar kinders sal Ek met die
dood tref. Laat al die gemeentes daarvan kennis neem dat dit Ek is
wat niere en harte deurgrond.[y] Ek sal elkeen van julle beloon
volgens julle dade.[*] 24 Maar vir julle ander in Tiatira wat nie hierdie

---

[x] **2:17 wit klippie:** 'n Klein ronde klippie wat gegee is onder andere as toegangsbewys en as teken van vryspraak. Wit is simbool van oorwinning, vgl Op 19:11,14.

[*] **2:17 'n nuwe naam:** Jes 62:2; 65:15; Op 3:12

[*] **2:18 oë … koper:** Dan 10:6; Op 1:14-15; 19:12

[*] **2:20 Isebel … eet:** 1 Kon 16:31; 2 Kon 9:22; **om onsedelik … eet:** Num 25:1-2; Op 2:14

[y] **2:23 niere … deurgrond:** 'n Hebreeuse idioom wat dui op jou diepste gedagtes en begeertes; vgl Ps 7:10; Spr 24:12; Jer 11:20; 17:10; •Hart en niere.

[*] **2:23 Ek sal … dade:** Ps 62:12; Spr 24:12; Jer 17:10; Rom 2:6; 2 Tim 4:14; Op 18:6; 20:12-13

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

leer aanhang nie en wat nie die diepere dinge van Satan,[z] soos
hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek lê nie op julle 'n ander
las nie, 25 behalwe net om vas te hou aan wat julle het,[*] totdat Ek
kom.

26 " 'Aan wie oorwin en enduit doen wat Ek sê,

" 'sal Ek mag gee oor die nasies.
27 Hy sal hulle as 'n herder lei met 'n ysterstaf
en hulle soos kleipotte stukkend slaan.[a]

28 " 'Soos Ek dit van my Vader ontvang het, sal Ek aan hom die môrester[*]
gee. 29 Wie ore het, laat hy luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.' "

# 3

### *Aan die gemeente in Sardis*

1 "Skryf ook aan die boodskapper[b] van die •gemeente in Sardis:

"Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God[c] en die sewe sterre[*] het,

" 'Ek ken jou dade;[*] jy staan daarvoor bekend dat jy lewe, maar jy

---

[z]**2:24 Satan:** Vgl voetnoot in Op 2:13.

[*]**2:25 om vas … het:** Op 3:11

[a]**2:26-27 sal Ek … slaan:** Aanhaling uit Ps 2:8-9 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Jes 30:14; Op 12:5; *Ps Sal* 17:23-24 •Pseudepigrawe.

[*]**2:28 die môrester:** Op 22:16

[b]**3:1 boodskapper:** Kan ook vertaal word met "engel"; vgl Op 1:1. Hier word verwys na die voorganger van die gemeente.

[c]**3:1 die 7 … God:** Die 7 Geeste (vgl 1:4; 4:5; 5:6) moet verstaan word as benaming van die Heilige Gees in sy veelvuldige en omvattende werking.

[*]**3:1 die sewe sterre:** Op 1:16,20; 2:1

[*]**3:1 Ek … dade:** Op 2:2; 3:8,15

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

is dood. [2] Wees wakker en versterk diegene wat nog oor is, wat op
die punt is om dood te gaan. Ek het gevind dat jou dade in die oë
van my God nie voldoende is nie. [3] Onthou dan hoe jy die boodskap
ontvang en daarna geluister het. Bewaar dit, en bekeer[*] jou! As jy
egter nie wakker skrik nie, sal Ek soos 'n dief opdaag en jy sal nie
weet op watter tydstip Ek by jou aankom nie.[*] [4] Maar daar is 'n
paar mense by jou in Sardis wat nie hulle klere besoedel het nie.[*]
Hulle sal saam met my leef, in wit klere,[*] omdat hulle dit werd is.
[5] " 'Wie oorwin, sal net so wit klere kry om aan te trek, en Ek sal
sy naam nie uit die •boekrol van die lewe skrap nie,[*] maar voor my
Vader en sy engele oor hom getuig.[*] [6] Wie ore het, laat hy luister na
wat die Gees aan die gemeentes sê.' "

*Aan die gemeente in Filadelfia*

[7] "Skryf ook aan die boodskapper van die •gemeente in Filadelfia:

"Dit sê die Heilige, die Ware,
wat die sleutel van Dawid hou,
wat oopmaak en niemand sal dit toesluit nie,
wat toesluit en niemand sal dit oopmaak nie.[d]

---

[*]**3:3 bekeer:** Op 2:5,16,22; 3:19

[*]**3:3 sal Ek … aankom nie:** Matt 24:43-44; Luk 12:39-40; 1 Thess 5:2,4; 2 Pet 3:10; Op 16:15

[*]**3:4 nie … het nie:** Jud vs 23

[*]**3:4 wit klere:** Op 3:18; 4:4; 6:11; 7:9,13; 19:14

[*]**3:5 Ek … skrap nie:** Eks 32:32-33; Ps 69:29; Dan 12:1; Op 13:8; 17:8; 20:15

[*]**3:5 voor … getuig:** Matt 10:32; Luk 12:8

[d]**3:7 wat die … oopmaak nie:** Aanhaling uit Jes 22:22 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Job 12:14.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[8] “ ‘Ek ken jou dade.[*] Kyk, Ek het voor jou 'n oop deur gegee[*] wat
niemand kan sluit nie. Al is jou krag min, was jy gehoorsaam aan
my woord en het jy my Naam nie verloën nie. [9] Kyk, Ek laat toe dat
daar mense uit die sinagoge van Satan[e] kom wat beweer dat hulle
Jode is en dit nie is nie, maar lieg; kyk, Ek sal sorg dat hulle kom
en voor jou voete neerbuig[*] en erken dat Ek jou liefhet.[*] [10] [*]Omdat
jy aan my opdrag gehoorsaam was om te volhard, sal Ek jou ook
bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele bewoonde
wêreld gaan aanbreek om die bewoners van die aarde op die proef
te stel. [11] Ek kom gou;[*] hou vas aan wat jy het, sodat niemand jou
oorwinnaarskrans wegneem nie.

[12] “ ‘Wie oorwin, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak
en hy sal nooit weer daar uitgaan nie. Verder sal Ek ook die Naam
van my God daarop graveer,[*] en die naam van die stad[*] van my
God, dit is die nuwe Jerusalem, wat van my God uit die hemel
neerdaal,[*] en ook my nuwe Naam.[*] [13] Wie ore het, laat hy luister na
wat die Gees aan die gemeentes sê.’ ”

---

[*]**3:8 Ek … dade:** Op 2:2; 3:1,15

[*]**3:8 Kyk … gegee:** 1 Kor 16:9

[e]**3:9 sinagoge van Satan:** Dui die teenstanders van die gemeente as 'n vergadering van •Satan aan; vgl 2 Kor 11:14-15; Op 2:9.

[*]**3:9 hulle kom … neerbuig:** Jes 45:14; 49:23; 60:14

[*]**3:9 Ek jou liefhet:** Jes 43:4

[*]**3:10** Luk 21:19; 2 Tim 2:12; Heb 10:36

[*]**3:11 Ek kom gou:** Op 2:16; 22:7,12,20

[*]**3:12 sal Ek ook … graveer:** Op 14:1; 22:4

[*]**3:12 die naam … stad:** Eseg 48:35

[*]**3:12 die nuwe … neerdaal:** Op 21:2

[*]**3:12 my nuwe Naam:** Jes 62:2; 65:15

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

*Aan die gemeente in Laodisea*

14 "Skryf aan die boodskapper[f] van die •gemeente in Laodisea:

"Dit sê die •Amen, die getroue en ware getuie,* die begin van God se skepping,*

15 " 'Ek ken jou dade,* dat jy nóg koud, nóg warm is. Was jy maar
koud of warm! 16 Maar omdat jy louwarm is, nóg warm nóg koud,
gaan Ek jou uit my mond spoeg. 17 Omdat jy sê, "Ek is ryk, ek het
skatryk geword* en het aan niks gebrek nie," en nie besef dat jy
ellendig en bejammerenswaardig, brandarm, blind en naak is nie,
18 raai Ek jou aan om by My goud te koop wat deur vuur gesuiwer
is, sodat jy ryk kan wees; en wit klere,* sodat jy jou kan aantrek en
die skaamte van jou naaktheid nie sigbaar word nie;* en salf om
aan jou oë te smeer, sodat jy kan sien. 19 Diegene wat Ek liefhet,
berispe en tug Ek:* Wees dan ywerig en bekeer jou!* 20 Kyk, Ek
staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur
oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe* en saam met hom eet en hy
saam met My.

21 " 'Wie oorwin, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos

---

[f] **3:14 boodskapper:** Vgl voetnoot in Op 3:1.

* **3:14 die getroue ... getuie:** Op 1:5; 19:11

* **3:14 die begin ... skepping:** Spr 8:22; Joh 1:3; Kol 1:15

* **3:15 Ek ... dade:** Op 2:2; 3:1,8

* **3:17 jy sê ... geword:** Hos 12:8

* **3:18 wit klere:** Vgl kruisverwysings in Op 3:4

* **3:18 wit ... word nie:** Op 16:15

* **3:19 Diegene ... tug Ek:** Spr 3:11-12; 1 Kor 11:32; Heb 12:6

* **3:19 bekeer jou:** Op 2:5,16,22; 3:3

* **3:20 sal ... toe:** Joh 14:23

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

wat Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon sit. 22 Wie
ore het, laat hy luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.' "

# 4

## Troon van God in die hemel

1 Hierna het ek gesien, en kyk, 'n deur wat in die hemel geopen is, en
die stem wat ek voorheen so hard soos 'n basuin met my hoor praat het,
het gesê: "Kom op hierheen,* en Ek sal aan jou wys wat hierna moet
gebeur.*" 2 Onmiddellik het die Gees van my besit geneem, en kyk, daar
was 'n troon in die hemel, en Iemand wat op die troon sit.* 3 *Die Een wat
daarop sit se voorkoms was soos jaspis[g] en karneool,[h] en rondom die
troon was daar 'n reënboog wat net soos smarag[i] lyk.
4 Rondom die troon was daar vier-en-twintig trone, en op die trone het
vier-en-twintig ouderlinge gesit.* Hulle het wit klere* gedra, met goue
krone op hulle koppe. 5 Vanuit die troon het daar weerligstrale,
dreunings en donderslae gekom.* En voor die troon het sewe

---

*__4:1 Kom op hierheen:__ Eks 19:20,24

*__4:1 Ek sal … gebeur:__ Dan 2:28-29,45; Op 1:1,19

*__4:2 daar … sit:__ 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:9; 5:1,7,13; 6:16; 7:10,15; 19:4; 21:5

*__4:3__ Eseg 1:26-28

[g]**4:3 jaspis:** 'n Bruin siersteen.

[h]**4:3 karneool:** 'n Rooi siersteen.

[i]**4:3 smarag:** 'n Groen siersteen.

*__4:4 op die … gesit:__ Jes 24:23

*__4:4 wit klere:__ Op 3:5,18; 6:11; 7:9,13; 19:4

*__4:5 Vanuit … gekom:__ Eks 19:16; Est 1:1d •Septuagint; Eseg 1:13; Op 8:5; 11:19; 16:18

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

vuurfakkels[*] gebrand — die sewe Geeste van God.[j] 6 Voor die troon lyk
dit soos 'n see van glas,[*] net soos kristal.[*]
In die middel van die troon en rondom die troon staan daar vier
lewende wesens, vol oë aan die voorkant en agterkant. 7 Die eerste
lewende wese lyk net soos 'n leeu; die tweede lewende wese net soos 'n
kalf; die derde lewende wese het 'n gesig net soos 'n mens, en die vierde
lewende wese lyk net soos 'n arend wat vlieg.[*] 8 Die vier lewende wesens
het elkeen ses vlerke[*] wat reg rondom en aan die binnekant vol oë is.[*]
Sonder om te rus, herhaal hulle dag en nag:

“Heilig, heilig, heilig
is die Here[*] God, die Almagtige,[*]
Hy wat was en wat is[*] en wat kom.[*]”

9 En telkens wanneer die lewende wesens heerlikheid en eer en dank
bring aan Hom wat op die troon sit,[*] aan Hom wat vir ewig en ewig leef,[*]

---

[*] **4:5 7 vuurfakkels:** Eseg 1:13; Sag 4:2

[j] **4:5 7 Geeste van God:** Die sewe Geeste moet verstaan word as benaming van die Heilige Gees in sy veelvuldige en omvattende werking; vgl Op 1:4; 3:1; 5:6.

[*] **4:6 see van glas:** Op 15:2

[*] **4:6 soos kristal:** Eseg 1:22

[*] **4:6-7 In … vlieg:** Eseg 1:5-10; 10:4

[*] **4:8 Die vier … vlerke:** Jes 6:2

[*] **4:8 reg … oë is:** Eseg 1:18; 10:2

[*] **4:8 Heilig … Here:** Jes 6:3

[*] **4:8 Here … Almagtige:** Am 3:13 •Septuagint; 4:13 •Septuagint; Op 1:8; 11:17; 15:3; 16:7,14; 19:6,15; 21:22

[*] **4:8 wat is:** Eks 3:14; Op 1:4,8; 16:5

[*] **4:8 Hy wat … kom:** Jes 41:4; Op 1:4,8

[*] **4:9 Hom wat op … sit:** 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2; 5:1,7,13; 6:16; 7:10,15; 19:4; 21:5

[*] **4:9 aan Hom wat vir … leef:** Dan 4:34; 6:27; 12:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[10] val die vier-en-twintig ouderlinge in aanbidding neer voor Hom wat op
die troon sit. Hulle aanbid Hom wat vir ewig en ewig leef en sit dan hulle
krone voor die troon neer, terwyl hulle sê:

[11] "U is waardig, ons Here en God,
om die heerlikheid en die eer en die krag te ontvang
omdat U alle dinge geskep het;
deur u wil het alles ontstaan, is dit geskep."

# 5

## Oopmaak van die boekrol

[1] Ek het in die regterhand[k] van Hom wat op die troon sit[*] 'n •boekrol
gesien, aan die binnekant en die buitekant vol geskryf[*] en met sewe seëls
goed verseël. [2] Ek het ook 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem
uitroep: "Wie is waardig om die boekrol oop te maak en die seëls
daarvan te breek?" [3] Niemand — nie in die hemel, nie op die aarde, nie
onder die aarde — was egter in staat om die boekrol oop te maak of
daarin te kyk nie. [4] Ek het baie gehuil omdat daar niemand gevind kon
word wat waardig is om die boekrol oop te maak of daarin te kyk nie.
[5] Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Hou op huil! Kyk, die Leeu uit
die stam van Juda,[l] die loot van Dawid,[m] het oorwin sodat Hy die

---

[k] **5:1 regterhand:** Omdat die •regterhand gewoonlik die sterker hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

[*] **5:1 van ... sit:** 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2; 5:7,13; 6:16; 7:10,15; 19:4; 21:5

[*] **5:1 'n boekrol ... geskryf:** Jes 29:11; Eseg 2:9-10

[l] **5:5 die Leeu ... Juda:** Dit verwys na Gen 49:9-10 as heenwysing na Jesus Christus.

[m] **5:5 die loot van Dawid:** Dit verwys na Jes 11:1,10 as heenwysing na Jesus Christus. Kan ook vertaal word met "wortel"; vgl Op 22:16.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

boekrol en die sewe seëls daarvan kan oopmaak.” 6 En ek het tussen die
troon en die vier lewende wesens en tussen die ouderlinge 'n Lam, soos
een wat geslag is, sien staan.[n] Hy het sewe horings en sewe oë[*] gehad —
die sewe Geeste van God[o] — wat oor die hele aarde heen uitgestuur is.
7 En Hy het nadergegaan en die boekrol[p] geneem uit die regterhand van
Hom wat op die troon sit.[*] 8 Toe Hy die boekrol neem, het die vier
lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam
neergeval. Elkeen het 'n lier en 'n goue bak vol wierook, wat die gebede
van die •heiliges is,[*] vasgehou. 9 Toe sing hulle 'n nuwe lied:[*]

“U is waardig om die boekrol te neem
 en die seëls daarvan oop te breek,
omdat U geslag is en met u bloed
 mense vir God gekoop het
 uit elke geslag en taal en volk en nasie.
10 U het hulle[q] 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak[*]
 en hulle sal as konings oor die aarde heers.[*]”

---

[n]**5:6 'n Lam … staan:** Dit verwys na Jes 53:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 1:29,36; Op 5:12; 13:8.

[*]**5:6 7 oë:** Sag 4:10

[o]**5:6 7 Geeste van God:** Die sewe Geeste moet verstaan word as benaming van die Heilige Gees in sy veelvuldige en omvattende werking; vgl Op 1:4; 3:1; 4:5.

[p]**5:7 die boekrol:** Ontbreek in die •bronteks maar word veronderstel.

[*]**5:7 van … sit:** 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2; 5:1,13; 6:16; 7:10,15; 19:4; 21:5

[*]**5:8 'n goue … is:** Ps 141:2; Op 8:3-4

[*]**5:9 'n nuwe lied:** Ps 33:3; 40:3; 96:1; 98:1; 144:9; 149:1; Jes 42:10; Op 14:3

[q]**5:10 hulle:** Sommige mss lui “ons”.

[*]**5:10 U … gemaak:** Eks 19:6; Jes 61:6; 1 Pet 2:5,9; Op 1:6; 20:6

[*]**5:10 hulle sal … heers:** Op 20:6; 22:5

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[11] Toe ek weer kyk, hoor ek die sang van baie engele rondom die troon
en van die lewende wesens en die ouderlinge. Daar was tienduisend
maal tienduisende, duisend maal duisende,* [12] wat met harde stemme
uitroep:

"Waardig is die Lam wat geslag is[r]
om die krag en rykdom
en wysheid en sterkte en eer
en heerlikheid en lof te ontvang."*

[13] En ek het die hele skepping — in die hemel, op die aarde en onder die
aarde, op die see en alles wat daarin bestaan — hoor uitroep:

"Aan Hom wat op die troon sit* en aan die Lam
kom toe die lof en die eer
en die heerlikheid en die sterkte,
vir ewig en ewig."

[14] Die vier lewende wesens het ook uitgeroep:

"•Amen!"

En die ouderlinge het neergeval in aanbidding.

---

*__5:11 Daar … duisende:__ Dan 7:10; Heb 12:22; 1 Hen 14:22 •Pseudepigrawe

[r]**5:12 die Lam wat geslag is:** Dit verwys na Jes 53:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 1:29,36; Op 5:6; 13:8.

*__5:12 Waardig … ontvang:__ 1 Kron 29:11

*__5:13 Aan Hom … sit:__ 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2; 5:1,7; 6:16; 7:10,15; 19:4; 21:5

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# 6

## Eerste ses seëls

1 Ek het gesien toe die Lam een van die sewe seëls oopbreek. En ek het
een van die vier lewende wesens soos die geluid van 'n donderslag hoor
sê: “Kom!” 2 Ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd.[*] Sy ruiter hou 'n
boog vas en 'n oorwinnaarskroon is aan hom gegee. Hy het opgetrek as
oorwinnaar en om te oorwin.
3 Toe Hy die tweede seël oopbreek, het ek die tweede lewende wese
hoor sê: “Kom!” 4 'n Ander perd, 'n vuurrooie,[*] het toe uitgegaan. Aan sy
ruiter is vergun om die vrede van die aarde weg te neem sodat mense
mekaar kon doodmaak. Aan hom is ook 'n groot swaard gegee.
5 Toe Hy die derde seël oopbreek, het ek die derde lewende wese hoor
sê: “Kom!” Ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd.[*] Sy ruiter hou
'n weegskaal in sy hand. 6 Ek het toe iets soos 'n stem tussen die vier
lewende wesens hoor sê: “'n Rantsoen[s] koring kos 'n denarius[t] en drie
rantsoene gars kos 'n denarius en moenie dat daar skade kom met die
olyfolie en die wyn nie.”
7 Toe Hy die vierde seël oopbreek, het ek die vierde lewende wese hoor
sê: “Kom!” 8 Ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal[u] perd. Sy ruiter se
naam is Dood en die Hades[v] volg hom. Aan hulle is volmag gegee om

---

[*] **6:2 'n wit perd:** Sag 1:8; 6:3,6; Op 19:11

[*] **6:4 perd, 'n vuurrooie:** Sag 1:8; 6:2

[*] **6:5 'n swart perd:** Sag 6:2,6

[s] **6:6 Rantsoen:** Die daaglikse rantsoen koring per persoon.

[t] **6:6 denarius:** 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

[u] **6:8 vaal:** Verwys in hierdie konteks na die kleur van 'n lyk, simbolies van die dood.

[v] **6:8 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

'n kwart van die aarde dood te maak deur die swaard, hongersnood, 'n
dodelike siekte en die wilde diere van die aarde.[*]
[9] Toe Hy die vyfde seël oopbreek, het ek aan die voet van die altaar die
siele[w] gesien van dié wat doodgemaak is vanweë die woord van God en
die getuienis wat hulle gelewer het. [10] Hulle het met 'n harde stem
geroep: "Tot wanneer, heilige en ware Here, gaan U uitstel om u oordeel
te voltrek en ons bloed op die aardbewoners[x] te wreek?[*]" [11] Daarop is
aan elkeen van hulle 'n lang wit stola[y*] gegee en hulle is aangesê om nog
'n kort rukkie te rus, totdat hulle mediensknegte[z] en broers,[a] wat ook
soos hulle doodgemaak gaan word, voltallig sou wees.
[12] Ek het gesien toe Hy die sesde seël oopbreek. En daar het 'n groot

---

[*]**6:8 'n kwart … diere van die aarde:** Jer 14:12; 15:3; Eseg 5:12,17; 14:21; 33:27

[w]**6:9 siele:** Mense se bewuste, innerlike self wat kan voortbestaan ná hulle liggaamlike dood.

[x]**6:10 aardbewoners:** 'n Idiomatiese uitdrukking om die goddeloses mee te benoem.

[*]**6:10 ons … wreek:** Deut 32:43; 2 Kon 9:7; Ps 79:10; Op 19:2

[y]**6:11 lang wit stolas:** 'n Lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Kleredrag.

[*]**6:11 wit stola:** Op 3:5,18; 4:4; 7:9,13; 19:14

[z]**6:11 mededienskneqte:** Letterlik 'medeslawe'.

[a]**6:11 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

aardbewing plaasgevind. Die son het swart geword soos 'n harige sak en
die maan het geheel en al soos bloed geword.* 13 Ook die sterre het uit
die hemelruim op die aarde geval, soos wanneer 'n vyeboom sy groen
navye afgooi as dit deur 'n stormwind geruk word.* 14 Die hemel het
verdwyn soos 'n •boekrol wat opgerol word,* en elke berg en eiland is uit
sy staanplek verskuif.* 15 Die konings van die aarde en die
hoofamptenare, die chiliarge,[b] die rykes en die invloedrykes, elke slaaf
en elke vry mens het in die grotte en onder die kranse in die berge
weggekruip.* 16 Hulle het na die berge en kranse geroep: “Val op ons en
verberg ons* van die aangesig van Hom wat op die troon sit* en van die
toorn van die Lam; 17 *want die groot dag van hulle toorn het
aangebreek, en wie kan staande bly?”

# 7

### Die honderd vier-en-veertigduisend

1 Hierna het ek vier engele by die vier hoeke van die aarde sien staan.
Hulle het die vier winde* van die aarde in bedwang gehou sodat daar nie

---

*__6:12 Die son … bloed geword:__ Joël 2:31; Hand 2:20

*__6:12-13 Die son … geruk word:__ Jes 13:10; Eseg 32:7-8; Joël 2:10; 3:15; Matt 24:29; Mark 13:24-25; Luk 21:25; Op 8:12

*__6:13-14 die sterre … opgerol word:__ Jes 34:4

*__6:14 elke … verskuif:__ Op 16:20; 20:11

[b]**6:15 chiliarge:** Chiliarg (enkelvoud), 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

*__6:15 het … weggekruip:__ Jes 2:10,19,21; Jer 4:29

*__6:16 Hulle … verberg ons:__ Hos 10:8; Luk 23:30; Op 9:6

*__6:16 van Hom … sit:__ 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2,9; 5:1,7,13; 7:10,15; 19:4; 21:5

*__6:17__ Joël 2:11; Nah 1:6; Mal 3:2

*__7:1 die vier winde:__ Jer 49:36; Eseg 37:9; Dan 7:2; Sag 6:5; Matt 24:31

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

wind op die land of op die see of teen enige boom sou waai nie. [2] Ek het
ook 'n ander engel van die oostekant af sien aankom wat 'n seël van die
lewende God vashou. Hy het met 'n kragtige stem geroep na die vier
engele wat aangesê is om die land en die see te beskadig en gesê:
[3] "Moenie die land of die see of die bome beskadig voordat ons die
diensknegte van ons God met 'n seël op hulle voorkoppe gemerk het
nie.[*]" [4] Ek het toe gehoor wat die getal is van hulle wat met die seël
gemerk is: honderd vier-en-veertigduisend[*] — uit elke stam van die
kinders van Israel:

[5] Uit die stam Juda, twaalfduisend wat die seël dra;
uit die stam Ruben, twaalfduisend;
uit die stam Gad, twaalfduisend;
[6] uit die stam Aser, twaalfduisend;
uit die stam Naftali, twaalfduisend;
uit die stam Manasse, twaalfduisend;
[7] uit die stam Simeon, twaalfduisend;
uit die stam Levi, twaalfduisend;
uit die stam Issaskar, twaalfduisend;
[8] uit die stam Sebulon, twaalfduisend;
uit die stam Josef, twaalfduisend;
uit die stam Benjamin, twaalfduisend wat die seël dra.

## Die groot skare in die hemel

[9] Hierna het ek gesien, en kyk, daar was 'n baie groot skare wat
niemand kon tel nie. Hulle was afkomstig uit elke nasie en stam en volk

---

[*] **7:3 ons die ... nie:** Eseg 9:4; Op 9:4

[*] **7:4 144 000:** Op 14:1,3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

en taal, en het voor die troon gestaan en voor die Lam. Hulle het lang
wit stolas[c] gedra,[*] met palmtakke in hulle hande.
10 Hulle het met 'n
harde stem uitgeroep:

“Die verlossing behoort aan ons God
wat op die troon sit,[*]
en aan die Lam!”

11 Al die engele het rondom die troon, en ook rondom die ouderlinge en
die vier lewende wesens, gestaan. Hulle het toe op hulle gesigte
neergeval voor die troon en God aanbid[d]
12 en gesê:

“•Amen!
die lof, die heerlikheid en die wysheid
die dank en die eer
die krag en die sterkte
kom ons God toe vir ewig en ewig.
Amen!”

13 In antwoord daarop het een van die ouderlinge vir my gevra:
“Hierdie mense wat die lang wit stolas dra,[*] wie is hulle en waar kom

---

[c]**7:9 lang wit stolas:** 'n Lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Kleredrag.

[*]**7:9 wit ... gedra:** Op 3:5,18; 4:4; 6:11; 7:13; 19:14

[*]**7:10 wat ... sit:** 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2,9; 5:1,7,13; 6:16; 7:15; 19:4; 21:5

[d]**7:11 op hulle ... aanbid:** Die gebruiklike houding van aanbidding in God se teenwoordigheid in die •tempel of wanneer God verskyn.

[*]**7:13 wat ... dra:** Op 3:5,18; 4:4; 6:11; 7:9; 19:14

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

hulle vandaan?” [14] Ek het hom geantwoord: “Meneer, u is die een wat weet.” En hy het vir my gesê:

“Dit is die mense wat uit die groot verdrukking* kom.
Hulle het hulle lang stolas gewas
en wit gemaak in die bloed van die Lam.
[15] Daarom is hulle voor die troon van God
waar hulle Hom dag en nag in sy •tempel dien.
En Hy wat op die troon sit,* sal sy tent by hulle opslaan.[e]
[16] *Hulle sal nie meer honger of dors word nie;
nie die son nie, ook geen hittegloed sal hulle brand nie.
[17] Want die Lam wat in die middel voor die troon staan
sal hulle soos 'n herder versorg[f]
en hulle na fonteine met lewende water lei,[g]
en God sal elke traan uit hulle oë vee.”*

# 8

## Sewende seël

[1] En toe die Lam die sewende seël oopbreek, het daar vir ongeveer 'n

---

*__7:14 die groot verdrukking:__ Dan 12:1; Matt 24:21; Mark 13:19

*__7:15 Hy ... sit:__ 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2,9; 5:1,7,13; 6:16; 7:10; 19:4; 21:5

[e]**7:15 tent ... opslaan:** 'n Idiomatiese uitdrukking om iemand se inwoning mee te verwoord.

*__7:16__ Jes 49:10

[f]**7:17 sal hulle ... versorg:** Dit verwys na Ps 23:1; Eseg 34:23 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Joh 10:11,14.

[g]**7:17 hulle na ... lei:** Dit verwys na Ps 23:2; Jes 49:10; Jer 2:13 as heenwysings na Jesus Christus.

*__7:17 God ... vee:__ Jes 25:8; Op 21:4

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

halfuur lank stilte in die hemel neergedaal. 2 En ek het die sewe engele
gesien wat voor God staan, en aan hulle is sewe trompette gegee.
3 'n Ander engel het nader gekom met 'n goue wierookbak en by die altaar
gaan staan. Baie wierook is aan hom gegee om, saam met die gebede van al
die heiliges,* op die goue altaar* voor die troon te gaan offer. 4 Die rook van
die wierook het, saam met die gebede van die heiliges,[h*] uit die engel se
hand voor God opgestyg. 5 Die engel het toe die wierookbak geneem, dit
met vuur van die altaar af gevul* en dit op die aarde uitgegooi. En daar was
donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing.*

### Eerste vier trompette

6 Die sewe engele met die sewe trompette het gereedgemaak om daarop
te blaas.
7 Die eerste een het op sy trompet geblaas, en daar was hael en vuur*
gemeng met bloed, en dit is op die aarde uitgegooi. 'n Derde van die
aarde is verskroei, 'n derde van die bome is verskroei, en al die groen
gras is verbrand.
8 Die tweede engel het op sy trompet geblaas, en iets soos 'n enorme
berg wat vlammend brand is in die see gegooi. 'n Derde van die see het
bloed geword;* 9 'n derde van die lewende wesens in die see het

---

*__8:3 Baie … heiliges:__ Ps 141:2; Op 5:8; 8:4

*__8:3 die goue altaar:__ Eks 30:1-3; Op 9:13

[h]**8:4 heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattings of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

*__8:4 van die wierook … heiliges:__ Ps 141:2; Op 5:8; 8:3

*__8:5 die wierookbak … gevul:__ Lev 16:12

*__8:5 daar … aardbewing:__ Eks 19:16-19; Est 1:1d •Septuagint; Op 4:5; 11:19; 16:18

*__8:7 hael en vuur:__ Eks 9:23-25; Eseg 38:22; Wys 16:22

*__8:8 ⅓ … geword:__ Eks 7:20-21

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

doodgegaan en 'n derde van die skepe het vergaan.
[10] Die derde engel het op sy trompet geblaas. 'n Groot ster wat soos 'n
fakkel brand, het uit die hemel geval op 'n derde van die riviere en op
die fonteine. [11] [*]Die ster se naam is Wildeals.[i] En 'n derde van die
waterbronne het soos wildeals[j] geword, en baie mense het van die water
doodgegaan, omdat dit bitter geword het.
[12] Die vierde engel het op sy trompet geblaas en 'n derde van die son, 'n
derde van die maan en 'n derde van die sterre is getref, sodat 'n derde
van hulle verduister is. Vir 'n derde van die dag was daar nie lig nie; en
net so was dit ook in die nag.[*]
[13] En ek het gesien, en ek het 'n engel[k] wat hoog in die lug vlieg met 'n
skril stem hoor roep: "Ellende,[l] ellende, ellende vir die bewoners van die
aarde wanneer die ander drie engele binnekort met 'n geskal op hulle
trompette blaas."

# 9

## Vyfde trompet

[1] En die vyfde engel het op sy trompet geblaas. Toe het ek 'n ster uit die

---

[*]**8:11** Jer 9:15

[i]**8:11 Wildeals:** Ook bekend as alsemkruid of bitterals, wat 'n bitter smaak het.

[j]**8:11 soos wildeals:** In die Grieks is daar woordassosiasie tussen "Wildeals" en "soos wildeals".

[*]**8:12 'n derde van die son ... nag:** Jes 13:10; Eseg 32:7-8; Joël 2:10; 3:15; Matt 24:29; Mark 13:24-25; Luk 21:25; Op 6:12-13

[k]**8:13 engel:** Die •bronteks lui "arend". Op grond van sterk manuskripgetuienis en die inhoud van Openbaring word die lesing "engel" hier gevolg; vgl Op 14:6 vir 'n identiese uitdrukking.

[l]**8:13 Ellende:** Letterlik 'wee' of 'verskriklik'.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

hemel op die aarde sien val. Aan hom is die sleutel van die skag na die
onpeilbare diepte[m*] gegee. [2] Hy het die skag na die onpeilbare diepte
oopgesluit en rook het uit die skag opgeborrel soos rook uit 'n groot
smeltoond.[*] Die son en lug is deur die rook uit die skag verduister. [3] Uit
die rook het daar sprinkane na die aarde geswerm.[*] Aan hulle is
dieselfde krag gegee as dié van skerpioene op aarde. [4] En hulle is
aangesê om nie die gras van die aarde of enige plant of boom te
beskadig nie, maar slegs daardie mense wat nie die seël van God op
hulle voorkoppe[*] het nie. [5] Hulle is nie toegelaat om die mense dood te
maak nie, maar slegs om hulle vyf maande lank te folter deur hulle te
pynig met 'n brandpyn — soos wanneer 'n skerpioen 'n mens steek. [6] [*]In
daardie dae sal die mense na die dood verlang, maar dit nie vind nie,
hulle sal begeer om te sterf, maar die dood sal hulle bly ontwyk.
[7] Die voorkoms van die sprinkane was net soos dié van perde wat vir
oorlog gepantser is.[*] Op hulle koppe was daar iets soos krone wat gelyk
het asof dit van goud is en hulle gesigte was soos dié van mense. [8] Hulle
het ook hare gehad soos dié van vroue, en tande soos dié van leeus.[*]
[9] Die sprinkane het borsplate gedra wat soos ysterborsplate gelyk het.

---

[m]**9:1 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos.* Dit verwys na die beskouing destyds waarvolgens bose geeste en demone in 'n diep onderaardse woonplek gevange gehou is. Ook “plek van straf” genoem.

[*]**9:1 die sleutel … diepte:** Op 20:1

[*]**9:2 rook het … smeltoond:** Gen 19:28; Eks 19:18

[*]**9:3 het … geswerm:** Eks 10:12,15 ; Wys 16:9

[*]**9:4 die seël … voorkoppe:** Eseg 9:4; Op 7:3

[*]**9:6** Job 3:21; Jer 8:3; Hos 10:8; Luk 23:30; Op 6:16

[*]**9:7 Die voorkoms … gepantser is:** Joël 2:4-5

[*]**9:8 tande … leeus:** Joël 1:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Die geluid van hulle vlerke het geklink soos die gedreun van baie
perdestrydwaens[*] wat opruk na 'n oorlog. [10] Hulle het sterte met angels
gehad net soos skerpioene, en in hulle sterte was daar krag om die
mense vyf maande lank te teister. [11] Die engel van die onpeilbare diepte
was hulle koning. In Hebreeus is sy naam Abaddon,[n] en in Grieks
Apollion.[o]
[12] Die eerste ellende is verby; kyk, hierna kom daar nog twee!

**Sesde trompet**

[13] Ook die sesde engel het op sy trompet geblaas. En ek het 'n stem
vanuit die vier horings van die goue altaar[*] wat voor God is, [14] aan die
sesde engel met die trompet hoor sê: "Maak los die vier engele wat by
die groot Eufraatrivier[p] vasgebind is."
[15] [*]Die vier engele wat gereed gestaan het met die oog op hierdie uur en
hierdie dag en hierdie maand en hierdie jaar, is toe losgelaat om 'n derde
van die mense dood te maak. [16] Die getal soldate in die ruitery was twee
maal tienduisend maal tienduisend. Ek het gehoor dat dit hulle getal
was. [17] Net so het ek ook in die visioen die perde en hulle ruiters gesien:
hulle het vuurrooi, diepblou en swaelgeel borsplate gedra. Die perde se
koppe het soos dié van leeus gelyk met vuur, rook en swael wat uit hulle
bekke borrel. [18] Deur hierdie drie plae, die vuur, die rook en die swael
wat uit hulle bekke borrel, is 'n derde van die mense doodgemaak. [19] Die

---

[*] **9:9 het geklink … perdestrydwaens:** Joël 2:5

[n] **9:11 Abaddon:** 'Verwoester' in Hebreeus.

[o] **9:11 Apollion:** 'Verwoester' in Grieks.

[*] **9:13 die goue altaar:** Eks 30:1-3; Op 8:3

[p] **9:14 Eufraatrivier:** Die Eufraat het deur die ryke van Babilonië en Assirië, vyande van Israel, gevloei. Volgens *Openbaring* het dié rivier die oostelike grens van die Romeinse Ryk gevorm met gevreesde vyandige magte aan sy oorkant.

[*] **9:15** Op 8:7-12

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

perde se krag het in hulle bekke en sterte gelê, want hulle sterte was net
soos slange, met koppe aan waarmee hulle skade aanrig.
[20] Nogtans het die res van die mense wat nie deur hierdie plae
doodgemaak is nie, hulle nie bekeer van die werke van hulle hande[q] nie.
Hulle het aangehou om die demone te aanbid, en ook die afgode[*] van
goud, silwer en koper en van klip en hout, wat nie kan sien of hoor of
loop nie.[*] [21] Hulle het hulle dus nie bekeer van hulle moorde, toordery,
seksuele losbandigheid of stelery nie.[*]

# 10

## Die oop boekrol

[1] En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien afkom. Hy was met 'n
wolk omhul, met 'n reënboog bo sy kop. Sy gesig was soos die son en sy
voete soos vuurpilare. [2] In sy hand het hy 'n klein oop •boekrolletjie
vasgehou. Hy het met sy regtervoet op die see en sy linkervoet op die
aarde gaan staan [3] en met 'n harde stem, soos die brul van 'n leeu,
uitgeroep. Nadat hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle
dreunings laat klink. [4] Toe die sewe donderslae galm, was ek op die punt
om dit op te skryf, maar ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: "Verseël dit
wat die sewe donderslae laat galm het en moet dit nie opteken nie."[*]
[5] Die engel wat ek op die see en op die land sien staan het,

---

[q] **9:20 die werke ... hande:** Verwys meesal na die afgode wat handgemaak was.

[*] **9:20 Hulle het ... afgode:** Deut 32:17; 1 Kor 10:19-20

[*] **9:20 die afgode ... loop nie:** Ps 115:4-7; 135:15-17; Dan 5:23

[*] **9:20-21 nie bekeer ... stelery nie:** Op 16:9,11,21

[*] **10:4 Verseël ... opteken nie:** Dan 8:26; 12:4,9

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

het sy regterhand[r] opgelig na die hemel
[6] en 'n eed gesweer by Hom wat vir ewig en ewig lewe,[*]

wat die hemel en wat daarin is, en die aarde en wat daarop is, en die see
en wat daarin is, geskape het:[*] "Daar is nie meer tyd oor nie. [7] Maar
gedurende die dae wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas,
sal die misterie van God sy doel bereik, soos wat Hy dit as goeie
boodskap aan sy diensknegte, die profete, verkondig het.[*]"
[8] Toe het ek die stem wat uit die hemel kom, weer met my hoor praat:
"Gaan haal die oop boekrol in die hand van die engel wat op die see en op
die land staan." [9] Ek het toe na die engel gegaan en hom gevra om die klein
boekrolletjie vir my te gee. En hy het vir my gesê: "Neem dit en eet dit op.
Dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond so soet soos heuning
wees." [10] En ek het die boekrolletjie uit die hand van die engel geneem en
dit opgeëet. In my mond het dit so soet soos heuning gesmaak, maar nadat
ek dit geëet het, was dit bitter in my maag.[*] [11] Toe sê hulle vir my: "Jy moet
weer gaan profeteer teen baie volke, nasies, tale en konings."[*]

# 11

## Twee getuies

[1] Daar is toe aan my 'n meetstok gegee wat net soos 'n staf lyk, met die
opdrag: "Staan op en gaan meet[*] die tempel van God en die altaar en tel

---

[r]**10:5 regterhand:** Omdat die •regterhand gewoonlik die sterker hand is, is dit dikwels uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

[*]**10:5-6 het sy … lewe:** Deut 32:40; Dan 12:7

[*]**10:6 wat die … het:** Gen 14:19,22; Eks 20:11; Neh 9:6; Ps 146:6

[*]**10:7 Hy … het:** Dan 9:6,10; Am 3:7; Sag 1:6

[*]**10:9-10 Neem dit … my maag:** Eseg 2:8; 3:1-3

[*]**10:11 Jy … konings:** Jer 1:10; 25:30; Dan 3:4; 7:14

[*]**11:1 Daar … meet:** Eseg 40:3; Sag 2:1-2

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

die mense wat in die tempel aanbid. 2 Die voorhof wat buite die tempel
is, moet jy buite rekening laat en nie meet nie, omdat dit aan die
heidene oorgegee is. Hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande[s]
lank vertrap.[*] 3 En Ek sal my twee getuies opdrag gee om, in sak[t] geklee,
twaalfhonderd-en-sestig dae lank te gaan profeteer. 4 [*]Hulle is die twee
olyfbome en ook die twee kandelare wat voor die Here van die aarde
staan. 5 [*]As iemand hulle kwaad wil aandoen, vlam daar vuur uit hulle
monde wat hulle vyande verteer; en as iemand hulle kwaad wil
aandoen, moet hy ook so doodgemaak word. 6 Hulle beskik oor die
volmag om die hemel te sluit, sodat dit gedurende die tyd wat hulle
profeteer, nie sal reën nie.[*] Hulle het ook die volmag om, so dikwels as
hulle wil, die water in bloed te verander[*] en om die aarde met elke
moontlike plaag te tref.[*] 7 Wanneer hulle hulle getuienis klaar gelewer
het, sal die dier wat uit die onpeilbare diepte[u] verrys,[*] teen hulle oorlog
maak en die oorhand oor hulle kry[*] en hulle doodmaak. 8 Dan sal hulle

---

[s]**11:2 42 maande:** Dit is dieselfde as 3½ jaar of 1 260 dae; vgl Op 12:6; 13:5.

[*]**11:2 Hulle … vertrap:** Ps 79:1; Jes 63:18; Sag 12:3 •Septuagint; Luk 21:24

[t]**11:3 sak:** 'n Kleed van sak as uitdrukking van rou.

[*]**11:4** Sag 4:3,11-14

[*]**11:5** 2 Sam 22:9; 2 Kon 1:10; Ps 97:3; Jer 5:14

[*]**11:6 Hulle beskik … reën nie:** 1 Kon 17:1

[*]**11:6 Hulle het … verander:** Eks 7:17,19-20

[*]**11:6 om die aarde … tref:** 1 Sam 4:8

[u]**11:7 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos.* Dit verwys na die beskouing destyds waarvolgens bose geeste en demone in 'n diep onderaardse woonplek gevange gehou is. Ook “plek van straf” genoem.

[*]**11:7 die dier … verrys:** Dan 7:3; Op 13:1; 17:8

[*]**11:7 teen … kry:** Dan 7:7,21; Op 12:17; 13:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

lyke langs die hoofstraat van die groot stad lê, daardie stad wat,
figuurlik gesproke, Sodom* en Egipte genoem word en waar ook hulle
Here gekruisig is.* 9 Drie en 'n half dae lank sal mense vanuit die volke en
stamme en tale en nasies hulle lyke daar sien lê, maar nie toelaat dat
hulle liggame in 'n grafkamer begrawe word nie. 10 Die aardbewoners[v]
sal oor hulle jubel en bly wees en vir mekaar geskenke stuur, want
hierdie twee profete het die aardbewoners gefolter.”

11 Maar ná drie-en-'n-half dae het die lewegewende asem van God in
hulle ingegaan. En hulle het op hulle voete gekom,* terwyl diegene wat
hulle gesien het, deur groot vrees oorval is. 12 Toe het hulle 'n harde stem
uit die hemel vir hulle hoor sê: “Kom op hierheen!” En hulle het in 'n
wolk na die hemel opgevaar* terwyl hulle vyande hulle agternakyk.
13 *Op daardie uur het daar 'n groot aardbewing plaasgevind en 'n tiende
van die stad het inmekaar gestort. In die aardbewing het seweduisend
mense omgekom, maar die res het vreesbevange geraak en aan die God
van die hemel heerlikheid betoon. 14 Die tweede ellende het
verbygegaan, en kyk, die derde een kom gou.

## Sewende trompet

15 Die sewende engel het toe op sy trompet geblaas. In die hemel het
luide stemme opgeklink wat uitroep:

> “Die heerskappy van ons Here en sy •Christus oor die wêreld
> het aangebreek, en Hy sal as koning heers, vir ewig en ewig.”*

---

*__11:8 wat ... Sodom:__ Jes 1:10

*__11:8 van ... gekruisig is:__ Luk 13:34

[v]**11:10 aardbewoners:** 'n Idiomatiese uitdrukking om die goddeloses mee te benoem.

*__11:11 die lewegewende ... gekom:__ Eseg 37:5,10

*__11:12 hulle het ... opgevaar:__ 2 Kon 2:11

*__11:13__ Eseg 38:19-20

*__11:15 In die ... ewig:__ Eks 15:18; Ps 10:16; 22:29; Dan 2:44; 7:14; Ob vs 21; Sag 14:9

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[16] Ook die vier-en-twintig ouderlinge op hulle trone voor God het op
hulle gesigte voor God neergeval en Hom aanbid[w] [17] met die woorde:

“Ons dank U, Here God, Almagtig,[*]
U wat is[*] en wat was,
omdat U u groot mag opgeneem het
en as koning heers.
[18] Die nasies was woedend,[*]
maar u toorn het ontvlam,
en die bestemde tyd het aangebreek om u oordeel oor die dooies te vel
en om u diensknegte, die profete,[*]
en die •heiliges en hulle wat ontsag het vir u Naam,
klein en groot,[*] te beloon;
en om die vernietigers van die aarde te vernietig.”

[19] Toe is God se tempel in die hemel geopen en die •verbondsark[*] in sy

---

[w]**11:16 op hulle gesigte ... aanbid:** Die gebruiklike houding van aanbidding in God se teenwoordigheid in die tempel of by sy verskyning.

[*]**11:17 Here God, Almagtig:** Am 3:13 •Septuagint; 4:13 •Septuagint; Op 1:8; 4:8; 15:3; 16:7,14; 19:6,15; 21:22

[*]**11:17 U wat is:** Eks 3:14; Op 1:4,8; 4:8; 16:5

[*]**11:18 Die nasies was woedend:** Ps 2:1; 46:7

[*]**11:18 u diensknegte, die profete:** Dan 9:6,10; Am 3:7; Sag 1:6

[*]**11:18 hulle ... groot:** Ps 115:13 (Ps 113:21 •Septuagint); Op 19:5

[*]**11:19 die verbondsark:** 1 Kon 8:1,6; 2 Kron 5:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

tempel het sigbaar geword. Daar was ook weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing* en 'n groot haelstorm.*

# 12

### Die vrou en die draak

[1] Toe het daar 'n indrukwekkende teken in die hemel verskyn: 'n vrou
beklee met die son, met die maan onder haar voete en op haar kop 'n
kroon van twaalf sterre. [2] Sy was swanger, en omdat sy in kraam was,
het sy van geboortepyn geskree.* [3] En 'n ander teken het in die hemel
verskyn: Kyk, daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien
horings,* en op sy koppe sewe krone. [4] Sy stert het 'n derde van die
hemel se sterre saamgesleep en dit op die aarde neergegooi.* Die draak
het toe voor die vrou wat op die punt was om geboorte te skenk gaan
staan om, sodra sy geboorte skenk, haar kind te verslind.
[5] Sy het geboorte geskenk aan 'n manlike kind,[x] bestem om al die nasies
met 'n ysterstaf te regeer.[y] En haar kind is weggevoer na God en sy
troon. [6] Die vrou het egter die woestyn[z] in gevlug na 'n plek wat daar vir
haar deur God gereedgemaak is sodat hulle haar daar

---

*__11:19 weerligstrale … aardbewing:__ Eks 19:16; Est 1:1d •Septuagint; Eseg 1:13; Op 8:5; 16:18

*__11:19 'n groot haelstorm:__ Eks 9:24; Op 16:21

*__12:2 omdat … geskree:__ Jes 66:7; Miga 4:10

*__12:3 'n groot … horings:__ Dan 7:7

*__12:4 het 'n … neergegooi:__ Dan 8:10

[x]**12:5 Sy … kind:** Dit verwys na Jes 7:14; 66:7 as heenwysings na Jesus Christus.

[y]**12:5 bestem … regeer:** Dit verwys na Ps 2:9 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Op 19:5; *Ps Sal* 17:23-24 •Pseudepigrawe.

[z]**12:6 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

twaalfhonderd-en-sestig dae[a] lank kon versorg.
[7] En daar het oorlog uitgebreek in die hemel: Migael[b] en sy engele het
teen die draak oorlog gevoer. Die draak en sy engele het ook oorlog
gevoer, [8] maar was nie sterk genoeg nie — daarom was daar nie meer vir
hulle plek in die hemel te vind nie. [9] Die groot draak, die slang van
weleer,[c] wat Duiwel en Satan[d] genoem word,* die verleier van die hele
bewoonde wêreld, is toe uitgegooi. Hy is op die aarde neergegooi* en
saam met hom ook sy engele. [10] Toe het ek 'n harde stem in die hemel
hoor uitroep:

“Nou het die verlossing en die krag
en die koningsheerskappy van ons God deurgebreek
en ook die volmag van sy •Christus,
omdat die aanklaer van ons broers[e] uitgegooi is,
hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.*
[11] Húlle het hom oorwin op grond van die bloed van die Lam
en op grond van hulle getuienis.
Selfs in die aangesig van die dood

---

[a]**12:6 1 260 dae:** Dit verwys na die 3½ jaar wat die Siriese koning Antiogus IV Epifanes die volk van God geteister het in 167-164 vC. Dit het simbolies geword van die tydperk van vervolging van die Christelike kerk van alle tye; vgl Op 11:2; 13:5.

[b]**12:7 Migael:** Volgens vroeë Joodse oorleweringe 'n aartsengel wat teen die Bose oorlog voer; vgl Dan 10:13,21; 12:1; Jud vs 9.

[c]**12:9 weleer:** Van ouds, oertyd of verwysend na die tyd voor die skepping.

[d]**12:9 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

***12:9 Die groot ... word:** Op 20:2

***12:9 Hy ... neergegooi:** Jes 14:12; Luk 10:18; Joh 12:31

[e]**12:10 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

***12:10 die aanklaer ... aangekla het:** Job 1:9-11; Sag 3:1

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

het hulle nie hulle eie lewens liefgehad nie.
[12] Daarom, juig hemel
en diegene wat in die hemel woon!
Ellende vir julle, aarde en see,
want die Duiwel het met groot woede
na julle neergedaal
omdat hy weet dat hy min tyd oor het.”

[13] En toe die draak sien dat hy op die aarde neergegooi is, het hy die
vrou wat geboorte geskenk het aan die manlike kind, agtervolg. [14] Aan
die vrou is egter die twee vlerke van die groot arend gegee sodat sy na
haar plek in die woestyn kon vlieg, waar sy vir 'n tyd, tye en 'n halwe
tyd[f] lank weg van die slang af versorg sou word.
[15] Die slang het toe uit sy bek 'n stroom water soos 'n rivier agter die
vrou aan uitgespoeg om haar deur die stroom te laat meesleur. [16] Die
aarde het die vrou egter gehelp, sy mond geopen en die rivier wat die
draak by sy bek uitgespoeg het, ingesluk. [17] Die draak was woedend vir
die vrou en het weggegaan om oorlog te voer teen die res van haar
nageslag wat die gebooie van God nakom en vashou aan die getuienis
wat Jesus gelewer het.[*] [18] Toe het hy op die strand by die see gaan staan.

---

[f] **12:14 (1 + 2 + ½) tyd:** Dit verwys na die 3½ (een plus twee plus 'n half) jaar wat na aanleiding van Antiogus IV Epifanes se teistering van Israel in 167-164 vC, simbolies toegepas word op die tyd van vervolging van die kerk; vgl Dan 7:25; 12:7; Op 12:6.

[*] **12:17 om ... gelewer het:** Dan 7:7,21; Op 11:7; 13:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# 13

## Die dier uit die see

1 Toe het ek 'n dier uit die see sien opkom[*] met tien horings en sewe
koppe. Op sy horings was daar tien krone, en op sy koppe was daar 'n
godslasterlike naam[g] geskryf.[*] 2 Die dier wat ek gesien het, het net soos 'n
luiperd gelyk, met pote soos dié van 'n beer en 'n bek soos dié van 'n leeu.[*]
Die draak het sy krag en sy troon en groot mag aan hom oorgedra. 3 Dit het
gelyk of een van die dier se koppe tot die dood toe verwond was, maar sy
dodelike wond het genees. Die hele wêreld was verwonderd oor die dier en
het agter hom aangeloop.[*] 4 En hulle het die draak aanbid omdat hy
volmag aan die dier gegee het. Hulle het toe ook die dier aanbid en gesê:
“Wie is net soos die dier en wie kan teen hom oorlog voer?”

5 Aan hom is 'n mond gegee om grootpraterige en godslasterlike dinge
mee kwyt te raak.[*] Aan hom is volmag gegee om dit twee-en-veertig
maande[h] lank te doen. 6 Hy het sy mond geopen om God, en ook sy
Naam en sy woonplek en hulle wat in die hemel woon, te belaster. 7 Hy
is toegelaat om teen die •heiliges oorlog te voer en hulle te oorwin.[*] Aan
hom is ook volmag gegee oor elke stam en volk en taal en nasie. 8 Al die
aardbewoners[i] sal hom aanbid, elkeen wie se naam sedert die

---

[*]**13:1 'n dier … opkom:** Dan 7:3

[g]**13:1 naam:** Volgens sommige Griekse mss “name”. Die enkelvoud word deur sterk tekskritiese getuienis ondersteun.

[*]**13:1 'n dier … geskryf:** Op 17:3,7-12

[*]**13:2 Die dier … leeu:** Dan 7:4-6

[*]**13:3 Die hele … aangeloop:** Op 17:8

[*]**13:5 Aan … raak:** Dan 7:8,20,25; 11:36

[h]**13:5 42 maande:** Is dieselfde as 3½ jaar of 1 260 dae; vgl Op 11:2; 12:6.

[*]**13:7 Hy … oorwin:** Dan 7:7,21; Op 11:7; 12:17

[i]**13:8 aardbewoners:** 'n Idiomatiese uitdrukking om die goddeloses mee te benoem.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

grondlegging van die wêreld nie opgeskryf is in die •boekrol van die
lewe* van die Lam wat geslag is[j] nie.
9 As iemand ore het, laat hy luister:

10 As iemand bestem is vir gevangenskap,
sal hy in gevangenskap gaan;
as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word,
sal hy met 'n swaard doodgemaak word.*

Hiervoor het die heiliges[k] volharding en geloof nodig.

## Die dier uit die aarde

11 Toe het ek 'n ander dier uit die aarde sien opkom. Hy het twee
horings gehad net soos 'n lam, maar hy het soos 'n draak gepraat. 12 Hy
het met al die volmag van die eerste dier opgetree en dit in sy
teenwoordigheid gedoen. En hy laat die aarde en die bewoners daarvan
die eerste dier aanbid, die een wat van sy dodelike wond genees is.

---

*__13:8 die boekrol ... lewe:__ Eks 32:32-33; Ps 69:29; Dan 12:1; Fil 4:3; Op 3:5; 17:8; 20:12,15; 21:27

[j]**13:8 die Lam ... is:** Dit verwys na Jes 53:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Joh 1:29,36; Op 5:6,12.

*__13:10 As iemand ... doodgemaak word:__ Jer 15:2; 43:11

[k]**13:10 heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges "heiliges" genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattings of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[13] Hy doen ook indrukwekkende tekens;* so laat hy voor die mense vuur
van die hemel af op die aarde neerkom.* [14] En hy mislei die
aardbewoners deur die tekens* wat hy toegelaat is om in die
teenwoordigheid van die dier te doen deur hulle te beveel om 'n beeld
op te rig vir die dier* wat deur die swaard gewond is, maar weer lewend
geword het. [15] Aan hom is toe die vermoë gegee om asem in die beeld
van die dier te blaas, sodat die beeld van die dier ook kon praat, en om
almal wat nie die beeld van die dier aanbid nie, te laat doodmaak.* [16] Hy
het ook almal, klein en groot, ryk en arm, vry mense en slawe, verplig
om 'n merk op hulle regterhand[l] of op hulle voorkop te laat aanbring,
[17] sodat niemand, behalwe dié met die merk van die naam van die dier*
of die getal van sy naam, sou kon koop of verkoop nie.

[18] Hiervoor is wysheid nodig. Wie insig het, moet die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens, en sy getal is seshonderd ses-en-sestig.[m]

# 14

## Die honderd vier-en-veertigduisend op die berg Sion

[1] Toe het ek gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion en saam met

---

*__13:13 Hy doen ... tekens:__ Matt 24:24; 2 Thess 2:9

*__13:13 laat ... neerkom:__ 1 Kon 18:24-39

*__13:14 hy mislei ... tekens:__ Matt 24:24; 2 Thess 2:9-10; Op 19:20

*__13:14 beveel ... vir die dier:__ Deut 13:2-4

*__13:15 om almal ... doodmaak:__ Dan 3:5-6

[l]**13:16 regterhand:** Dit verwys na dié hand wat meesal die gebruikshand is en waarnaas die linkerhand 'n ondersteunende rol speel.

*__13:17 merk ... dier:__ Op 14:9,11; 16:2; 19:20; 20:4

[m]**13:18 666:** Sommige mss lui “616”. Om besondere betekenisse aan getalle toe te ken, was destyds 'n algemene gebruik.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Hom is daar honderd vier-en-veertigduisend* mense met sy Naam, en
ook sy Vader se Naam, op hulle voorkoppe geskryf.* 2 En ek het 'n geluid
uit die hemel gehoor soos die gedruis van baie waters* en die gerammel
van swaar donderweer. Die geluid wat ek gehoor het, het geklink soos
dié van lierspelers wat hulle liere bespeel. 3 Hulle het 'n nuwe lied[n] voor
die troon en in die teenwoordigheid van die vier lewende wesens en die
ouderlinge gesing.* Niemand kon egter dié lied leer nie, behalwe die
honderd vier-en-veertigduisend mense wat van die aarde losgekoop[o] is.

4 Hulle is die mense wat hulle nie met vroue besoedel het nie
omdat hulle kuis[p] is.
Hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan.
Hulle is uit die mense losgekoop
as die eerste vrug[q] vir God en die Lam.

---

***14:1 144 000:** Op 7:4; 14:3

***14:1 met sy ... geskryf:** Eseg 9:4; Op 3:12; 7:3

***14:2 soos die gedruis ... waters:** Eseg 1:24; 43:2; Op 1:15; 19:6

[n]**14:3 'n nuwe lied:** Sommige mss voeg "soos" by voor "nuwe lied". Die Griekse teksuitgawe dui met vierkantige hakies aan dat daar onsekerheid daaroor bestaan of "soos" in die •bronteks hoort.

***14:3 Hulle ... gesing:** Ps 33:3; 40:4; 96:1; 98:1; 144:9; 149:1; Jes 42:10; Op 5:9

[o]**14:3 losgekoop:** Destyds was 'n slaaf die eiendom van sy eienaar. Elke slaaf het 'n bepaalde geldwaarde (of prys) gehad. 'n Eienaar kon instem dat 'n slaaf sy vryheid kry wanneer iemand die eienaar vergoed vir die verlies van die waarde van sy slaaf deur die slaaf se "prys" te betaal. Só is 'n slaaf "losgekoop".

[p]**14:4 kuis:** Letterlik 'maagde', verwys na militêre soldate wat opgeroep is en onthouding moes toepas.

[q]**14:4 eerste vrug:** Dui op die eerste vrug of oes waarop die volle oes sal volg. Diegene wat aan •Christus behoort, word ook as "eerste vrug" of "•eerstelinge" aangedui; vgl Jak 1:18.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[5] En oor hulle lippe het geen enkele leuen gekom nie.*
Hulle is onberispelik.

### Aankondiging van die oordeel

[6] Toe het ek 'n ander engel gesien wat hoog in die lug vlieg. Hy het 'n
ewige evangelie ontvang om dit te gaan verkondig aan die
aardbewoners,[r] aan elke nasie en stam en taal en volk. [7] Met 'n harde
stem het hy uitgeroep: “Julle moet ontsag hê vir God en heerlikheid
bewys aan Hom, want die tyd van sy oordeel het aangebreek. Aanbid
Hom wat die hemel, die aarde, die see en die fonteine geskep het.*”
[8] Ná hom het 'n ander engel, 'n tweede een, gekom en uitgeroep:
“Geval, geval het Babilon, die magtige,* sy[s] wat al die nasies van die wyn
van die wellus van haar hoerery[t] laat drink het.*”
[9] Ná hom het 'n ander engel, 'n derde een, gekom en met 'n harde stem
uitgeroep: “As iemand die dier en sy beeld aanbid* en 'n merk op sy
voorkop of op sy hand ontvang het,* [10] sal hy ook drink van die wyn van
God se toorn wat onverdun in die beker van God se toorn* geskink is. Hy
sal ook in die teenwoordigheid van die heilige engele en die Lam met

---

*__14:5 oor ... gekom nie:__ Ps 32:2; Jes 53:9; Sef 3:13

[r]**14:6 aardbewoners:** 'n Idiomatiese uitdrukking om die goddeloses mee te benoem.

*__14:7 Hom wat ... geskep het:__ Eks 20:11; Ps 146:6

*__14:8 Geval ... magtige:__ Jes 21:9; Jer 51:8; Op 18:2

[s]**14:8 sy:** In antieke tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel; vgl Jerusalem (dogter van Sion), Babilon, Rome.

[t]**14:8 wellus ... hoerery:** Beeldspraak uit die sedelike sfeer om gewoonlik afgodery en afvalligheid mee te beskryf.

*__14:8 al ... drink het:__ Jer 51:7; Op 17:2; 18:3

*__14:9 As ... aanbid:__ Op 13:12-17; 14:11; 16:2; 19:20

*__14:9 'n merk ... ontvang het:__ Op 13:17; 14:11; 16:2; 19:20; 20:4

*__14:10 die beker ... toorn:__ Ps 75:9; Jes 51:17,22; Jer 25:15; Op 15:7; 16:19

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

vuur en swael[*] gefolter word.” 11 En die rook van hulle foltering bly
opstyg vir ewig en ewig,[*] en hulle wat die dier en sy beeld aanbid,[*] kry
dag en nag geen rus nie, ook nie hulle wat die merk van sy naam[*]
ontvang het nie. 12 Hiervoor het die •heiliges volharding nodig, hulle wat
die gebooie van God nakom en in Jesus bly glo.

13 Ek het toe 'n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf neer! ‘Gelukkig is die
dooies wat van nou af in die Here sterf.’ ” “Ja,” sê die Gees, “sodat hulle
mag rus van hulle geswoeg,[*] want hulle dade volg hulle.”

### Insameling van die oes

14 Toe het ek gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk, en op die wolk sit
daar iemand net soos 'n •Seun van die Mens.[u] Op sy kop het Hy 'n goue
kroon en in sy hand hou Hy 'n skerp sekel. 15 'n Ander engel het uit die
tempel gekom en met 'n harde stem geroep na Hom wat op die wolk sit:
“Steek u sekel in en oes, want die tyd om te oes het aangebreek en die
aarde is ryp vir die oes.”[*]

16 Hy wat op die wolk sit, het toe sy sekel oor die aarde geswaai en die
aarde is afgeoes.

17 Toe het daar 'n ander engel uit die tempel in die hemel gekom. Ook
hy het 'n skerp sekel vasgehou. 18 Nog 'n engel, wat beheer oor die vuur
gehad het, het van die altaar af gekom. Hy het met 'n harde stem geroep

---

[*] **14:10 vuur en swael:** Gen 19:24; Ps 11:6; Eseg 38:22; Op 19:20; 20:10; 21:8; 3 Mak 2:5

[*] **14:11 die rook ... en ewig:** Jes 34:10; Op 19:3

[*] **14:11 hulle wat die dier ... aanbid:** Op 13:12-17; 14:9; 16:2; 19:20

[*] **14:11 die merk ... naam:** Op 13:17; 14:9; 16:2; 20:4

[*] **14:13 hulle mag ... geswoeg:** Heb 4:10

[u] **14:14 op die ... Mens:** Dit verwys na Dan 7:13 as heenwysing na Jesus Christus.

[*] **14:15 Steek ... die oes:** Joël 3:13; Matt 13:39-40

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

na hom wat die skerp sekel vashou en gesê: "Steek jou skerp sekel in en
sny die druiwetrosse van die wingerd op die aarde af,* want die druiwe
het ryp geword."
19 Die engel het toe sy sekel oor die aarde geswaai en die wingerd op
die aarde afgeoes en dit in die groot parskuip van God se toorn* gegooi.
20 En die parskuip is buite die stad getrap.* Uit die parskuip het daar
bloed gevloei — sestienhonderd *stadion*[v] ver tot aan die perde se tooms.

# 15

### Sewe engele met sewe plae

1 Toe het ek in die hemel 'n ander groot en wonderbaarlike teken
gesien, naamlik sewe engele met die sewe laaste plae,* omdat die toorn
van God daarmee tot 'n einde gekom het.
2 Ek het ook iets gesien soos 'n see van glas,* gemeng met vuur. En die
oorwinnaars oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam het by[w]
die see van glas gestaan terwyl hulle die siters van God vashou. 3 Hulle
sing toe die lied van Moses,* die dienskneg van God. Dit is ook die lied
van die Lam, wat só lui:

---

****14:18 Steek … aarde af:** Joël 3:13; Matt 13:39-40

***14:19 die groot … toorn:** Op 19:15

***14:20 die parskuip is … getrap:** Jes 63:3; Jer 25:15; Klaagl 1:15; Op 19:15

[v]**14:20 1600 *stadion:*** Ongeveer 296 km; •Lengtemate.

***15:1 die 7 … plae:** Lev 26:21; Op 15:6

***15:2 see van glas:** Op 4:6

[w]**15:2 by:** Word ook vertaal "op".

***15:3 die lied van Moses:** Eks 15:1

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

“Groots en wonderbaarlik is u dade,*
Here God, Almagtige.*
Regverdig en betroubaar is u paaie,*
o Koning van die nasies.*
4 Wie sal dan nie vir U ontsag hê nie, Here,
en u Naam nie verheerlik nie?*
Want U alleen is heilig!
Al die nasies sal kom
en in aanbidding voor U neerval,*
want u regverdige dade is geopenbaar.”

5 En hierna het ek gesien: Die tempel, die Tent met die Getuienis[x]* in
die hemel, is geopen, 6 en die sewe engele met die sewe plae* het uit die
tempel gekom. Hulle het blink klere van suiwer linne gedra, met 'n goue
band om die bors gebind. 7 Een van die vier lewende wesens het toe aan
die sewe engele sewe goue bakke gegee, gevul met die toorn van God,*

---

*15:3 **Groots ... dade:** Eks 15:11; Ps 92:6; 111:2; 139:14

*15:3 **Here God, Almagtige:** Am 3:13 •Septuagint; 4:13 •Septuagint; Op 1:8; 4:8; 11:17; 16:7,14; 19:6,15; 21:22

*15:3 **Regverdig ... paaie:** Deut 32:4; Ps 145:17

*15:3 **o Koning ... nasies:** Jer 10:10 Theodotion; Tob 13:7,11; 1 Hen 9:4; 25:5; 27:3 •Pseudepigrawe

*15:4 **Wie ... verheerlik nie:** Jer 10:6-7

*15:4 **Al ... neerval:** Ps 86:9; Mal 1:11

[x]**15:5 die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20.

*15:5 **die Tent ... getuienis:** Eks 38:21; 40:34

*15:6 **7 plae:** Lev 26:21; Op 15:1

*15:7 **7 goue ... God:** Ps 75:9; Jes 51:17,22; Jer 25:15; Op 14:10; 16:19

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

van Hom wat vir ewig en ewig leef. 8 En die tempel is met rook gevul,
vol van die heerlikheid van God[*] en sy mag, en niemand kon by die
tempel ingaan totdat die sewe plae van die sewe engele verby was nie.

# 16

### Sewe bakke

1 Ek het toe 'n harde stem uit die tempel[*] aan die sewe engele hoor sê:
“Gaan en gooi die sewe bakke, gevul met die toorn van God, op die
aarde uit![*]”

2 Die eerste engel het uitgegaan en sy bak op die aarde uitgegooi. Daar
het toe kwaadaardige en bose swere uitgeslaan op die mense[*] wat die
merk van die dier[*] dra en sy beeld aanbid.[*]

3 Die tweede engel het sy bak oor die see uitgegooi. Dit het verander in
bloed soos van 'n dooie, en elke lewende wese in die see het doodgegaan.[*]

4 Die derde engel het sy bak oor die riviere en die fonteine uitgegooi en
dit het in bloed verander.[*] 5 Toe het ek die engel van die water hoor sê:

“U is regverdig,[*] U wat is[*] en wat was, die Heilige,
omdat U oor hierdie dinge geoordeel het;
6 want hulle het die bloed van •heiliges en profete vergiet[*]

---

[*]**15:8 die tempel ... God:** Eks 40:34; 1 Kon 8:10-11; 2 Kron 5:13-14; Jes 6:4; Eseg 44:4
[*]**16:1 stem ... tempel:** Jes 66:6; Op 16:16
[*]**16:1 gooi ... uit:** Ps 69:25; Jer 10:25; Eseg 22:31; Sef 3:8
[*]**16:2 Daar ... mense:** Eks 9:10; Deut 28:35
[*]**16:2 die merk ... dier:** Op 13:17; 14:9,11; 19:20; 20:4
[*]**16:2 sy beeld aanbid:** Op 13:12-17; 14:9,11; 19:20
[*]**16:3 Dit ... doodgegaan:** Eks 7:17-21
[*]**16:4 die riviere ... verander:** Eks 7:19-24; Ps 78:44
[*]**16:5 U is regverdig:** Deut 32:4; Ps 119:137; 145:17
[*]**16:5 U wat is:** Eks 3:14; Op 1:4,8; 4:8; 11:17
[*]**16:6 hulle ... vergiet:** Ps 79:3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

en U het hulle bloed gegee om te drink.*
Hulle verdien dit."

7 Toe het ek die engel van die altaar hoor sê:

"Ja, Here God, Almagtige,*
u oordele is betroubaar en regverdig."*

8 Die vierde engel het sy bak oor die son uitgegooi, en die son is
toegelaat om die mense met vuur te skroei. 9 Die mense is deur 'n
versengende hitte geskroei, en hulle het gelaster teen die Naam van God
wat mag oor hierdie plae het. Nogtans het hulle hulle nie bekeer en aan
Hom heerlikheid bewys nie.*
10 Die vyfde engel het sy bak oor die troon van die dier uitgegooi. Sy
koninkryk is in duisternis gehul* en die mense het op hulle tonge gebyt
van die pyn. 11 *Hulle het ook die God van die hemel gelaster as gevolg
van hulle pyne en hulle swere. Nogtans het hulle nie tot bekering van
hulle dade gekom nie.
12 Die sesde engel het sy bak oor die groot Eufraatrivier[y] uitgegooi, en
die rivier se water het opgedroog* om 'n pad vir die konings uit die ooste

---

*__16:6 U ... drink:__ Jes 49:26

*__16:7 Here God, Almagtige:__ Am 3:13 •Septuagint; 4:13 •Septuagint; Op 1:8; 4:8; 11:17; 15:3; 16:14; 19:6,15; 21:22

*__16:7 u ... regverdig:__ Ps 19:10; 119:137; Op 19:2

*__16:9 hulle het gelaster ... bewys nie:__ Op 9:20-21; 16:11,21

*__16:10 Sy koninkryk ... gehul:__ Eks 10:21; Jes 8:22

*__16:11__ Op 9:20-21; 16:9,21

[y]**16:12 Eufraatrivier:** Die Eufraat het deur die ryke van Babilonië en Assirië, vyande van Israel, gevloei. Volgens *Openbaring* het dié rivier die oostelike grens van die Romeinse Ryk gevorm met gevreesde vyandige magte oorkant die Eufraatrivier.

*__16:12 water het opgedroog:__ Jes 11:15; 44:27; Jer 50:38; 51:36

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

gereed te maak. [13] Toe het ek uit die bek van die draak en uit die bek van
die dier en uit die mond van die vals profeet drie onrein geeste sien kom
wat soos paddas lyk. [14] Hulle is demoniese geeste wat tekens doen en wat
na die konings van die hele bewoonde wêreld gaan om hulle byeen te
bring vir die oorlog[*] op die groot dag van God, die Almagtige.[*]
[15] "Kyk, Ek kom soos 'n dief![*] Gelukkig is die een wat wakker bly en sy
klere byderhand hou, sodat hy nie naak loop en die mense sy skaamte
sien nie."
[16] Die geeste het die konings byeengebring by die plek wat in Hebreeus
Armageddon[z] genoem word.[*]
[17] Toe het die sewende engel sy bak in die lug uitgegooi. Uit die tempel,
van die troon se kant af, het 'n harde stem uitgeroep:[*] "Dit is
afgehandel!" [18] En weerligstrale, 'n gerammel en donderslae het gevolg,
en ook 'n vernietigende aardbewing[*] soos wat nog nie plaasgevind het
sedert daar mense op aarde was nie — so geweldig was die aardbewing.[*]
[19] Die groot stad[a] het in drie dele uitmekaar geval en die stede van die
nasies het ineengetuimel. God het aan Babilon, die magtige, gedink deur

---

[*]**16:14 die konings ... oorlog:** Op 19:19

[*]**16:14 God, die Almagtige:** Am 3:13 •Septuagint; 4:13 •Septuagint; Op 1:18; 4:8; 11:17; 15:3; 16:7; 19:6,15; 21:22

[*]**16:15 Ek ... dief:** Matt 24:43-44; Luk 12:39-40; 1 Thess 5:2,4; 2 Pet 3:10; Op 3:3

[z]**16:16 Armageddon:** •Armageddon, waarskynlik van die Hebreeuse *har Megiddo* ('berg van Megiddo'), is die simboliese plek waar die bose magte beslissend verslaan word.

[*]**16:16 die plek ... word:** Rig 5:19; 2 Kon 9:27; 23:29; Sag 12:11

[*]**16:17 Uit ... uitgeroep:** Jes 66:6; Op 16:1

[*]**16:18 En weerligstrale ... aardbewing:** Eks 19:16-19; Est 1:1d •Septuagint; Op 4:5; 8:5; 11:19

[*]**16:18 soos ... die aardbewing:** Dan 12:1

[a]**16:19 Die ... stad:** Dit verwys na Rome.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

aan haar[b] die beker wyn van die gramskap van sy toorn[*] te gee. [20] [*]En
elke eiland het in die niet verdwyn en berge was nie meer te vind nie.
[21] Groot haelstene,[*] ongeveer 'n talent[c] swaar, het uit die hemel op die
mense neergereën. En die mense het God gelaster oor die haelplaag,[*]
omdat dit 'n uitermate groot plaag was.

# 17

### Babilon die prostituut

[1] Een van die sewe engele wat die sewe bakke vashou, het toe nader
gekom en met my gepraat en gesê: “Kom hierheen, ek sal jou die oordeel
wys oor die groot prostituut wat by baie waters bly.[*]” [2] Die konings van
die aarde het met haar gehoereer en die aardbewoners[d] het dronk
geword van die wyn van haar hoerery.[*] [3] Ek is deur die Gees meegevoer

---

[b]**16:19 haar:** In antieke tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel; vgl Jerusalem (dogter van Sion), Babilon, Rome.

[*]**16:19 die beker ... toorn:** Ps 75:9; Jes 51:17,22; Jer 25:15; Op 14:10; :7

[*]**16:20** Op 6:14; 20:11

[*]**16:21 Groot haelstene:** Eks 9:24; Op 11:19

[c]**16:21 talent:** Ongeveer 34,2 kg; •Geldeenhede.

[*]**16:21 die mense ... haelplaag:** Op 16:9,11

[*]**17:1 wat by ... bly:** Jer 51:13; Op 17:15

[d]**17:2 aardbewoners:** 'n Idiomatiese uitdrukking om die goddeloses mee te benoem.

[*]**17:2 die aardbewoners ... hoerery:** Jes 23:17; Jer 51:7; Op 14:8; 18:3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

na 'n woestyn[e] en het daar 'n vrou sien sit op 'n helderrooi dier wat oortrek was met godslasterlike name, en wat sewe koppe en tien horings het.[*] 4 Die vrou het purperrooi en helderrooi klere gedra en was versier met goud, edelstene en pêrels.[*] In haar hand het sy 'n goue beker gehou,[*] vol afskuwelikhede en die onrein dinge van haar hoerery. 5 En op haar[f] voorkop was 'n naam geskryf, 'n misterie: "Babilon die Grote, die moeder van die prostitute en van al die afskuwelikhede van die aarde." 6 [*]Ek het ook gesien dat die vrou dronk is van die bloed van die •heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus.

### Betekenis van die dier

Toe ek haar sien, was ek uitermate verbaas. 7 Die engel sê toe aan my: "Waarom is jy so verbaas? Ek sal die misterie aan jou verduidelik van die vrou en die dier met sy sewe koppe en tien horings wat haar dra. 8 Die dier wat jy gesien het, was eers, maar is nou nie meer nie; en hy is op die punt om uit die onpeilbare diepte[g] op te kom,[*] op pad na sy ondergang. Die aardbewoners[h] wie se name nie van die grondlegging

---

[e]**17:3 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

[*]**17:3 wat oortrek ... horings het:** Op 13:1; 17:7-12

[*]**17:4 was ... pêrels:** Eseg 28:13; Op 18:16

[*]**17:4 In ... gehou:** Jer 51:7

[f]**17:5 haar:** In antieke tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel; vgl Jerusalem (dogter van Sion), Babilon, Rome.

[*]**17:6** Op 18:24; 19:2

[g]**17:8 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos.* Dit verwys na die beskouing destyds waarvolgens bose geeste en demone in 'n diep onderaardse woonplek gevange gehou is. Ook "plek van straf" genoem.

[*]**17:8 Die dier ... kom:** Dan 7:3; Op 11:7; 13:1

[h]**17:8 aardbewoners:** Vgl voetnoot in Op 17:2.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

van die wêreld af in die •boekrol van die lewe* opgeskryf is nie, sal
verbaas wees wanneer hulle die dier sien, want eers was dit, maar is nou
nie meer nie en sal tog weer wees.
9 "Hiervoor is insig met wysheid nodig.
"Die sewe koppe is sewe berge waarop die vrou sit. Daar is ook sewe
konings. 10 Vyf het tot 'n val gekom; daar is nou net een — die ander een
het nog nie gekom nie. Wanneer hy egter opdaag, moet hy vir 'n klein
rukkie bly. 11 En die dier wat eers was, maar nie nou is nie, is self die
agtste; hy kom uit die sewe voort en is op pad na sy ondergang. 12 Die
tien horings wat jy gesien het, is tien konings.* Hulle het nog nie die
koningskap ontvang nie, maar hulle het vir een uur lank saam met die
dier volmag soos konings. 13 Hulle het net een doel voor oë en dit is om
hulle krag en volmag aan die dier beskikbaar te stel. 14 Hulle sal teen die
Lam oorlog voer, maar die Lam sal hulle oorwin, omdat Hy die Heerser
van die heersers en die Koning van die konings is* en saam met Hom is
die geroepenes, uitverkorenes en getroues."
15 En die engel sê aan my: "Die waters wat jy gesien het waar die prostituut
bly, is die volke en skares en nasies en tale. 16 Die tien horings wat jy gesien
het en ook die dier sal die prostituut haat en haar kaal en verlate maak.
Hulle sal haar vleis eet en haar met vuur verbrand.* 17 Want God het dit op
hulle harte gelê om sy bedoeling uit te voer en om een doelwit voor oë te
hê: om hulle koningskap aan die dier beskikbaar te stel totdat God se
woorde hulle volledige doel bereik het. 18 Die vrou wat jy gesien het, is die

---

*__17:8 die boekrol ... lewe:__ Eks 32:32-33; Ps 69:29; Dan 12:1; Fil 4:3; Op 3:5; 13:8; 20:12,15; 21:27

*__17:12 Die 10 ... 10 konings:__ Dan 7:24

*__17:14 Hy ... konings is:__ Deut 10:17; Dan 2:47; 2 Mak 13:4; 3 Mak 5:35; 1 Tim 6:15; Op 19:16; 1 Hen 9:4 •Pseudepigrawe

*__17:16 haar met ... verbrand:__ Lev 21:9; Op 18:8

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

groot stad wat heerskappy oor die konings van die aarde het."

# 18

### Klaaglied oor Babilon

[1] Hierna het ek 'n ander engel uit die hemel sien afkom. Hy het oor
groot mag beskik en die aarde deur sy heerlikheid verlig. [2] Hy het met 'n
kragtige stem uitgeroep:

"Geval, geval het Babilon die Grote.[*]
Sy[i] het 'n woonplek vir demone geword,
'n skuilplek vir elke onrein gees,
'n skuilplek vir elke onrein voël
en 'n skuilplek vir elke onrein en veragtelike dier,[j*]
[3] omdat al die nasies gedrink het
van die wyn van die wellus van haar hoerery.[k *]
Die konings van die aarde
het onsedelik met haar verkeer,
en die handelaars van die aarde
het ryk geword uit die aantrekkingskrag van haar weelde."

[4] Toe het ek 'n ander stem uit die hemel hoor sê:

---

[*]**18:2 Geval ... Grote:** Jes 21:9; Jer 51:8; Op 14:8

[i]**18:2 Sy:** In antieke tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel; vgl Jerusalem (dogter van Sion), Babilon, Rome.

[j]**18:2 en 'n skuilplek ... dier:** Die frase ontbreek in sommige mss.

[*]**18:2 Sy ... dier:** Jes 13:21; 34:11; Jer 50:39; Bar 4:35

[k]**18:3 wellus ... hoerery:** Dit is beeldspraak uit die sedelike sfeer om gewoonlik afgodery en afvalligheid mee te beskryf.

[*]**18:3 wyn ... hoerery:** Jes 23:17; Jer 51:7; Op 14:8; 17:2

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

“Gaan weg van haar, my volk,[*]
sodat julle nie ook deelneem aan haar sonde nie,
en julle haar plae
nie oor julle bring nie.
5 Haar sonde het opgehoop tot aan die hemel,[*]
en God het haar onregverdige dade onthou.
6 Vergeld haar soos sy julle dit laat ontgeld het,[*]
vergeld haar dubbeld ooreenkomstig haar dade.
In die beker waarin sy vir julle gemeng het,
moet julle vir haar twee keer soveel meng.
7 In dieselfde mate as wat sy haarself verheerlik
en in weelde geleef het,
moet julle haar ook pyn en smart aandoen.
Want in haar hart sê sy,
‘Ek sit steeds as 'n koningin,
ek is nie 'n weduwee nie,
en smart sal ek beslis nie ervaar nie.’
8 Daarom sal die plae wat vir haar bedoel is, haar op een dag tref,[*]
dood en smart en hongersnood,
en sy sal met vuur verbrand word,[*]
want magtig is die Here God wat die oordeel oor haar gevel het.[*]”

9 [*]Die konings van die aarde wat onsedelik met haar verkeer het en

---

[*]**18:4 Gaan ... volk:** Jes 48:20; 52:11; Jer 50:8; 51:6,9,45; 2 Kor 6:17

[*]**18:5 Haar sonde ... hemel:** Gen 18:20-21; Jer 51:9

[*]**18:6 Vergeld ... ontgeld het:** Ps 137:8; Jer 50:29; 2 Thess 1:6

[*]**18:7-8 in haar ... tref:** Jes 47:7-9

[*]**18:8 sy ... word:** Lev 21:9; Op 17:16

[*]**18:8 magtig ... het:** Jer 50:34

[*]**18:9** Eseg 26:16; 27:30-35

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

uitspattig geleef het, sal oor haar huil en rou wanneer hulle die rook van
haar verbranding sien. 10 Hulle sal uit vrees vir haar foltering op 'n
afstand staan en sê:

“Ellende, ellende, groot stad,
Babilon, magtige stad,*
binne 'n oomblik het jou oordeel aangebreek!”

11 *Ook die handelaars van die aarde huil en rou oor haar, omdat
niemand hulle handelsware meer koop nie: 12 *skeepsvragte goud en
silwer, edelstene en pêrels, fyn linne, pers materiaal, sy en helderrooi
materiaal, elke geurige houtsoort, elke voorwerp van ivoor, elke
voorwerp van kosbare hout, van koper, van yster en van marmer,
13 kaneel en speserye, wierook, geurige olie en balsem, wyn en olyfolie,
meel en koring, beeste en skape, perde, rytuie, slawe en ook
menselewens.

14 “En die vrug van jou hartsbegeerte
is jou nou ontneem.
Al die weelde en luukshede
is nou vir jou verlore;
dit is beslis nie meer te vinde nie.”

15 *Die handelaars van hierdie dinge wat hulleself deur haar verryk het,
sal op 'n afstand staan, uit vrees vir haar foltering. Hulle huil en rou
onophoudelik 16 terwyl hulle sê:

---

*__18:10 groot ... magtige stad:__ Eseg 26:17; Dan 4:30

*__18:11__ Eseg 27:36

*__18:12-13__ Eseg 27:12-13,22

*__18:15__ Eseg 27:36

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

“Ellende, ellende, die groot stad,
uitgedos in fyn linneklere,
purperrooi en helderrooi,
en opgesmuk
met goud en edelstene en pêrels![*]
17 Want binne 'n oomblik is soveel rykdom uitgewis![*]”

Elke stuurman en elkeen wat iewers heen vaar, die matrose en hulle
wat 'n lewe maak uit die see, het op 'n afstand gestaan. 18 [*]Hulle het
geskree toe hulle die rook van haar verbranding sien en gesê: “Watter
stad is net soos dié groot stad?” 19 [*]En hulle het stof op hulle koppe
gestrooi[l] en geskree terwyl hulle huil en rou en sê:

“Ellende, ellende, die groot stad
deur wie se skatte
almal wat skepe op see besit
ryk geword het.
Want binne 'n oomblik is sy uitgewis.
20 Juig oor haar,[m] hemel,[*]
•heiliges, •apostels en profete!

---

[*]**18:16 opgesmuk … pêrels:** Eseg 28:13; Op 17:4

[*]**18:17 Want … uitgewis:** Eseg 27:27-29

[*]**18:18** Eseg 27:32

[*]**18:19** Eseg 27:30-34

[l]**18:19 stof … gestrooi:** As teken van verootmoediging, het hulle stof op hulle koppe gestrooi.

[m]**18:20 haar:** Vgl voetnoot by “**Sy**” in Op 18:2.

[*]**18:20 Juig … hemel:** Deut 32:43 •Septuagint; Ps 96:11; Jes 44:23; 49:13; Jer 51:48

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

God het julle oordeel oor haar voltrek."

[21] Toe het een sterk engel 'n klip soos 'n groot maalklip van 'n donkie[n]
opgetel en dit in die see gegooi en gesê:

"Net so, met geweld,
sal die groot stad Babilon neergegooi word
en sy sal nooit weer gevind word nie.*
[22] En die klank van siterspelers en sangers,
van fluitspelers en trompetblasers,
sal nooit weer in jou gehoor word nie.*
En geen ambagsman van enige ambag
sal ooit weer in jou gevind word nie.
Ook die geluid van 'n meule
sal nooit weer in jou gehoor word
[23] en die lig van 'n lamp
nooit weer in jou skyn nie.

Die stem van 'n bruidegom en bruid
sal nooit weer in jou gehoor word nie.*
Jou sakelui was die magtiges van die aarde,*
want deur jou betowering* is al die nasies mislei.

---

[n] **18:21 maalklip ... donkie:** Die boonste van twee •maalklippe, met 'n gat in die middel, wat deur 'n donkie in die rondte gedraai word.

*18:21 Net ... nie:** Jer 51:63-64; Eseg 26:21

*18:22 die klank ... gehoor word nie:** Jes 24:8; Eseg 26:13

*18:23 Die stem ... word nie:** Jer 7:34; 16:9; 25:10

*18:23 Jou sakelui ... aarde:** Jes 23:8

*18:23 deur jou betowering:** Jes 47:9

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[24] Maar in haar is ook die bloed van profete en heiliges[o] gevind[*]
en ook van almal wat op die aarde doodgemaak is."

# 19

## Halleluja in die hemel

[1] Hierna het ek 'n harde klank gehoor soos 'n groot skare wat in die
hemel jubel:

"Halleluja![p*]
Die verlossing, die heerlikheid en die krag behoort aan ons God!
[2] Waar en regverdig is sy oordele,[*]
want Hy het die groot prostituut veroordeel,
sy wat die aarde met haar hoerery verlei het,
en Hy het die bloed van sy diensknegte
wat deur haar hand omgekom het, gewreek.[*]"

[3] 'n Tweede keer het hulle uitgeroep:

"Halleluja!
Haar rook styg op vir ewig en ewig.[*]"

---

[o] **18:24 heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges "heiliges" genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattings of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

[*] **18:24 in … gevind:** Jer 51:49; Eseg 24:7; Op 6:10; 17:6; 19:2

[p] **19:1 Halleluja:** Prys die Here.

[*] **19:1 het … Halleluja:** Ps 134:1; 135:1; Tob 13:18

[*] **19:2 Waar … oordele:** Ps 19:10; 119:137; Op 16:7

[*] **19:2 Hy het die bloed … gewreek:** Deut 32:43; 2 Kon 9:7; Ps 79:10; Op 6:10

[*] **19:3 Haar … en ewig:** Jes 34:10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[4] Die vier-en-twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God wat op die troon sit,* aanbid en gesê:

“•Amen! Halleluja!”

### Bruilofsfees van die Lam

[5] En 'n stem het vanaf die troon gekom wat sê:

“Loof ons God, julle wat vir Hom ontsag het,
al sy diensknegte* —
geringes en magtiges.[q*]”

[6] En ek het iets gehoor soos die klank van 'n groot skare, en soos die klank van baie waters,* en soos die klank van swaar donderslae wat uitroep:

“Halleluja!
Die Here, ons God, die Almagtige,*
het sy koningskap opgeneem.*
[7] Laat ons bly wees en jubel,
en aan Hom die heerlikheid gee,
want die bruilofsfees van die Lam het aangebreek

---

*19:4 wat ... sit: 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2,9; 5:1,7,13; 6:16; 7:10,15; 21:5

***19:5 Loof ... diensknegte:** Ps 22:24; 134:1; 135:1

[q]**19:5 geringes en magtiges:** Letterlik ‘die kleineres en die grotes’.

***19:5 julle ... magtiges:** Ps 115:13; Op 11:18

***19:6 soos die klank van baie waters:** Eseg 1:24; 43:2; Op 1:15; 14:2

***19:6 ons God, die Almagtige:** Am 3:13 •Septuagint; 4:13 •Septuagint; Op 1:8; 4:8; 11:17; 15:3; 16:7,14; 19:15; 21:22

***19:6 Die Here ... opgeneem:** Eks 15:18; Ps 22:29; 93:2; 97:1; 99:1; Dan 7:14; Sag 14:9; Op 11:15

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

en sy bruid het haar gereedgemaak.
8 En sy is toegelaat om blink klere
van suiwer, fyn linne aan te trek.
Want dié linne is die regverdige dade van die heiliges.[r][*]”

9 Toe sê hy vir my:

“Skryf dit neer:
‘Gelukkig is hulle wat uitgenooi is
na die bruilofsfees van die Lam.’[*]”

Hy het ook vir my gesê: “Hierdie woorde van God is waar.” 10 [*]En ek
het voor sy voete neergeval om hom te aanbid. Maar hy sê vir my: “Moet
dit nie doen nie! Ek is net 'n mededienskneg[s] saam met jou en jou broers[t]
wat die getuienis oor Jesus huldig. Aanbid God, want die getuienis oor
Jesus is die gees van die profesie.[u]”

**Ruiter op die wit perd**

11 Toe het ek gesien dat die hemel geopen is.[*] En kyk, daar was 'n

---

[r]**19:8 heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattings of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

[*]**19:8 om … heiliges:** Jes 61:10

[*]**19:9 Gelukkig … Lam:** Matt 22:2-3; Luk 14:15

[*]**19:10** Hand 10:25-26; Op 22:8-9

[s]**19:10 mededienskneg:** Letterlik ‘medeslaaf’.

[t]**19:10 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

[u]**19:10 die getuienis … profesie:** Kan ook vertaal word “die getuienis van Jesus is die Gees van die profesie”.

[*]**19:11 die hemel … is:** Eseg 1:1; Op 4:1

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

wit perd![*] Hy wat daarop sit, word getrou en waar genoem[*] en met
regverdigheid oordeel Hy[v] en voer Hy oorlog. 12 Sy oë was soos 'n
vlammende vuur[*] en op sy kop was daar baie krone. En Hy dra 'n
geskrewe Naam wat niemand ken nie behalwe net Hy self.[*] 13 Hy het
klere aan wat met bloed deurweek is[w] en sy Naam is: "Die Woord van
God."[*] 14 Toe het die leërs wat in die hemel is, geklee in blink klere van
suiwer, fyn linne, Hom op wit perde gevolg. 15 Uit sy mond het 'n
vlymskerp swaard gekom[x] om die nasies mee te tref en Hy sal hulle met
'n ysterstaf regeer.[y] Hy sal ook self die parskuip van die geweldige toorn
van God, die Almagtige,[*] trap.[*] 16 Op sy klere, by sy heup, is 'n Naam
geskryf: "Koning van die konings en Heerser van die heersers."[z]

17 En ek het een engel in die son sien staan. Hy het met 'n kragtige stem
uitgeroep en aan al die voëls wat hoog in die lug rondvlieg, gesê: "Kom

---

[*]**19:11 wit perd:** Sag 1:8; 6:3; Op 6:2

[*]**19:11 Hy wat ... genoem:** Op 1:5; 3:14

[v]**19:11 met ... oordeel Hy:** Dit verwys na Ps 96:13; Jes 11:4 as heenwysings na Jesus Christus.

[*]**19:12 Sy ... vuur:** Dan 10:6; Op 1:14; 2:18

[*]**19:12 En Hy ... self:** Op 2:17

[w]**19:13 Hy ... deurweek is:** Dit verwys na Jes 63:1-3 wat hier moontlik 'n heenwysing na Jesus Christus is.

[*]**19:13 sy ... God:** Joh 1:1,14

[x]**19:15 Uit ... gekom:** Dit verwys na Jes 49:2 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Op 1:16; 2:12,16.

[y]**19:15 Hy sal ... regeer:** Dit verwys na Ps 2:9 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Op 12:5.

[*]**19:15 God, die Almagtige:** Vgl kruisverwysing in Op 19:6

[*]**19:15 Hy sal ook ... trap:** Jes 63:3; Klaagl 1:15; Joël 3:13; Op 14:20

[z]**19:16 Koning ... heersers:** Dit verwys na Deut 10:17; Dan 2:47 as heenwysings na Jesus Christus; vgl 2 Mak 13:4; 1 Tim 6:15; Op 17:14; 3 Mak 5:35; 1 Hen 9:4 •Pseudepigrawe.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

hierheen, trek saam na die groot feesmaal van God, [18] om die vleis van die konings en die vleis van die chiliarge[a] te eet, die vleis van magtiges en die vleis van perde en hulle ruiters, die vleis van almal — vry mense sowel as slawe, geringes sowel as magtiges."[*] [19] En ek het gesien dat die dier en die konings van die aarde met hulle leërs saamgetrek het om oorlog te maak teen Hom wat op die perd sit en teen sy leër.[b] [20] Die dier is toe gevang, en saam met hom ook die vals profeet wat in sy teenwoordigheid die tekens gedoen het waardeur hy die mense mislei het wat die merk van die dier[*] dra en sy beeld aanbid.[*] Hulle twee is lewendig in die vuurpoel met brandende swael gegooi.[*] [21] Die res van die mense is doodgemaak met die swaard wat gekom het uit die mond van die Een wat op die perd sit. En al die voëls het hulle versadig gevreet aan hulle vleis.[*]

# 20

## Eerste opstanding en tweede dood

[1] Toe het ek 'n engel gesien wat uit die hemel neerdaal met die sleutel van die onpeilbare diepte[c] en 'n swaar ketting in sy hand. [2] En hy het

---

[a]**19:18 chiliarge:** Chiliarg (enkelvoud), 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

[*]**19:17-18 Hy het ... as magtiges:** Eseg 39:20

[b]**19:19 die konings ... sy leër:** Dit verwys na Ps 2:2 as heenwysing na Jesus Christus.

[*]**19:20 die merk ... dier:** Op 13:7; 14:9,11; 16:2; 20:4

[*]**19:20 die mense ... aanbid:** Op 13:12-17; 14:9,11; 16:2

[*]**19:20 Hulle ... gegooi:** Jes 30:33; Op 20:10,15

[*]**19:21 al ... vleis:** Eseg 39:17,20

[c]**20:1 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos.* Dit verwys na die beskouing destyds waarvolgens bose geeste en demone in 'n diep onderaardse woonplek gevange gehou is. Ook "plek van straf" genoem.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

die draak, die slang van weleer,[d] wat Duiwel en Satan[e] is,[*] gegryp en
hom vasgeketting vir 'n duisend jaar lank. 3 Hy het hom toe in die
onpeilbare diepte gegooi,[*] dit toegesluit en dit bokant hom verseël, sodat
hy nie meer die nasies op 'n dwaalspoor sou lei nie, totdat die duisend
jaar verstryk het. Daarna moet hy vir 'n kort tydjie losgelaat word.
4 Ek het ook trone gesien, en aan dié wat daarop sit, is mag verleen om
te oordeel.[*] Ek het die siele[f] gesien van hulle wat onthoof is vanweë die
getuienis oor Jesus en die woord van God. Dit is hulle wat nie neergeval
het om die dier en sy beeld te aanbid nie, en nie die merk op die
voorkop of op die hand ontvang het nie.[*] Hulle het lewend geword en
saam met •Christus regeer, 'n duisend jaar lank. 5 Die oorblywende
dooies het nie lewend geword voordat die duisend jaar verstryk het nie.
Dit is die eerste opstanding. 6 Gelukkig en heilig is die een wat deel het
aan die eerste opstanding. Oor hulle het die tweede dood nie mag nie.
Hulle sal priesters van God en van Christus wees, en saam met Hom 'n
duisend jaar lank regeer.[*]

## Oordeel oor Satan

7 Wanneer die duisend jaar verstryk het, sal Satan[g] uit sy gevangenskap

---

[d]**20:2 weleer:** Van ouds, oertyd of verwysend na die tyd voor die skepping.

[e]**20:2 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

[*]**20:2 die draak … Satan is:** Op 12:9

[*]**20:3 Hy het … gegooi:** 2 Pet 2:4; Jud vs 6

[*]**20:4 trone … oordeel:** Dan 7:9,22,27; Luk 22:30; 1 Kor 6:2

[f]**20:4 siele:** Mense se bewuste, innerlike self wat kan voortbestaan ná hulle liggaamlike dood.

[*]**20:4 die merk … het nie:** Op 13:17; 14:9,11; 16:2; 19:20

[*]**20:6 Hulle sal … regeer:** Eks 19:6; Jes 61:6; 1 Pet 2:5,9; Op 1:6; 5:10

[g]**20:7 Satan:** Vgl voetnoot in Op 20:2.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

losgelaat word. 8 Dan sal hy optrek om die nasies tussen die vier
uithoeke van die aarde,[*] die Gog en Magog,[h] op 'n dwaalspoor te lei en
om hulle te mobiliseer vir die oorlog. Hulle getal is soos die sand van die
see. 9 Hulle het van oor die breedte van die aarde opgeruk en die laer
van die •heiliges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur uit die
hemel neergedaal en hulle verteer.[*] 10 Die Duiwel wat hulle op 'n
dwaalspoor gelei het, is toe in die poel van vuur en swael[*] gegooi[*] waar
die dier en die vals profeet ook is. En hulle sal dag en nag gefolter word,
vir ewig en ewig.

## Laaste oordeel

11 [*]Toe het ek 'n groot wit troon gesien en Iemand wat daarop sit. Die
aarde en die hemel het van sy aangesig af weggevlug[*] en daar was nie
meer plek vir hulle nie. 12 En ek het die dooies, die magtiges en die
geringes,[i] voor die troon sien staan. Toe is die •boekrolle oopgemaak. 'n
Ander boekrol is ook oopgemaak, naamlik die een van die lewe.[*] Die
dooies is, op grond van wat daar in die boekrolle opgeteken is, volgens

---

[*]**20:8 die vier … aarde:** Eseg 7:2

[h]**20:8 Gog en Magog:** Kom ter sprake in Eseg 38:1 — 39:16. Die profesie is gerig teen Gog, die belangrikste regeerder van Ros, Mesek en Tubal. Hy loods 'n aanval teen Israel uit die land van Magog in die noorde (Gen 10:2; 1 Kron 1:5). Hier word •Gog en Magog die verpersoonliking van die vyande wat die gelowiges en die stad van God aanval.

[*]**20:9 Toe … verteer:** 2 Kon 1:10; Eseg 38:22; 39:6

[*]**20:10 vuur en swael:** Gen 19:24; Ps 11:6; Eseg 38:22; Op 19:20; 21:8; 3 Mak 2:5

[*]**20:10 is toe … gegooi:** Jes 30:33; Op 19:20; 20:15

[*]**20:11-12** Dan 7:9-10; Matt 25:31-46

[*]**20:11 Die aarde … weggevlug:** Ps 114:3,7

[i]**20:12 die magtiges … geringes:** Letterlik 'die grotes en die kleineres'.

[*]**20:12 'n Ander … lewe:** Eks 32:32-33; Ps 69:29; Dan 12:1; Fil 4:3; Op 3:5; 13:8; 17:8; 20:15; 21:27

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

hulle dade geoordeel. 13 Die see het toe die dooies wat daarin is,
teruggegee en die dood en Hades[j] het die dooies wat daarin is,
teruggegee. Elkeen is volgens hulle dade geoordeel.* 14 Toe is die dood en
die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel.*
15 *En as gevind is dat iemand nie in die boekrol van die lewe* opgeteken
is nie, is hy in die vuurpoel gegooi.

# 21

## 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde

1 Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde* gesien, want die eerste
hemel en die eerste aarde het tot niet gegaan en die see bestaan nie meer
nie. 2 En ek het die heilige stad,* die Nuwe Jerusalem, van God af uit die
hemel[k] sien neerdaal.* Sy[l] is gereedgemaak, soos 'n bruid wat versier is
vir haar man.* 3 Ek het toe 'n harde stem van die troon af hoor sê:

---

[j] **20:13 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

* **20:12-13 volgens hulle … geoordeel:** Ps 28:4; 62:13; Spr 24:12; Jes 59:18; Jer 17:10; Rom 2:6; 1 Kor 3:8; 2 Kor 11:15; 2 Tim 4:14; 1 Pet 1:17; Op 2:23; 18:6; 22:12

* **20:14 die dood … vuurpoel:** 1 Kor 15:26,55

* **20:15** Jes 30:33; Matt 25:41; Op 19:20; 20:10; 21:8

* **20:15 die boekrol … lewe:** Eks 32:32-33; Ps 69:29; Dan 12:1; Fil 4:3; Op 3:5; 13:8; 17:8; 20:12; 21:27

* **21:1 'n nuwe hemel … nuwe aarde:** Jes 65:17; 66:22; 2 Pet 3:13

* **21:2 die heilige stad:** Jes 52:1

[k] **21:2 hemel:** Sommige mss lui “uit God se hemel”.

* **21:2 die Nuwe … neerdaal:** Op 3:12

[l] **21:2 Sy:** In antieke tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel; vgl Jerusalem (dogter van Sion), Babilon, Rome.

* **21:2 Sy … man:** Jes 61:10; Heb 11:10,16

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

“Kyk, God se woonplek[m] is by die mense.
En Hy sal by hulle woon;
hulle sal sy volke wees
en God self sal by hulle wees* as hulle God.[n]
4 Hy sal elke traan uit hulle oë afdroog.*
En die dood sal nie meer daar wees nie;
ook nie rou of 'n gehuil of pyn sal meer bestaan nie;*
want die eerste dinge het verbygegaan.”

5 Hy wat op die troon sit,* het gesê: “Kyk, Ek maak alles nuut.*” En Hy
het ook gesê: “Skryf dit neer dat hierdie woorde betroubaar en waar is.”
6 Verder het Hy vir my gesê: “Dit is afgehandel! Ek is die Alfa en die
Omega,[o] die Begin en die Einde.* Dié wat dors is, sal Ek laat drink uit die
fontein van lewegewende water* — verniet!* 7 Wie oorwin, sal hierdie
dinge beërf en Ek sal sy God wees en hy sal my seun[p] wees.* 8 Maar vir

---

[m]**21:3 woonplek:** Of tent.

***21:3 God se ... hulle wees:** Lev 26:11-12; 2 Kron 6:18; Eseg 37:27; Sag 2:10; 2 Kor 6:16

[n]**21:3 as hulle God:** Sommige mss laat “as hulle God” weg.

***21:4 Hy ... afdroog:** Jes 25:8; Op 7:17

***21:4 nie rou ... bestaan nie:** Jes 35:10; 65:19

***21:5 Hy ... sit:** 1 Kon 22:19; 2 Kron 18:18; Ps 47:9; Jes 6:1; Eseg 1:26-27; Sir 1:8; Op 4:2,9; 5:1,7,13; 6:16; 7:10,15; 19:4

***21:5 Ek ... nuut:** 2 Kor 5:17

[o]**21:6 Alfa ... Omega:** Die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet; vgl Op 1:8; 22:13.

***21:6 die Begin ... Einde:** Jes 44:6; 48:12; Op 1:17; 22:13

***21:6 die fontein ... water:** Ps 36:10; Jer 2:13

***21:6 Dié ... verniet:** Jes 55:1; Joh 7:37; Op 22:17

[p]**21:7 seun:** Volgens destydse opvatting was die dogters hierby ingesluit.

***21:7 Ek ... wees:** 2 Sam 7:14

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

die lafhartiges, ongelowiges, losbandiges, moordenaars, hoereerders,
towenaars, afgodedienaars en al die leuenaars — hulle deel is die
brandende poel van vuur en swael,* dit is die tweede dood."

**Die Nuwe Jerusalem**

9 Daarop het een van die sewe engele wat die sewe bakke vol van die
sewe laaste plae vashou, gekom en met my gepraat en gesê: "Kom
hierheen, ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam." 10 Hy het my
toe deur die Gees na 'n groot en hoë berg geneem en aan my die heilige
stad Jerusalem gewys* wat van God uit die hemel neergedaal het. 11 *Die
stad was vol van die heerlikheid van God — haar[q] glans het net soos dié
van 'n baie kosbare edelsteen gelyk, soos kristalhelder jaspis. 12 *Die stad
het ook 'n groot en hoë muur met twaalf poorte, en by die poorte is daar
twaalf engele. Op die poorte is name gegraveer, die name van die twaalf
stamme van die kinders van Israel. 13 Aan die oostekant is daar drie
poorte, aan die noordekant drie, aan die suidekant drie en aan die
westekant drie. 14 Die stadsmuur het twaalf fondamente en daarop is ook
twaalf name. Dit is die name van die twaalf •apostels van die Lam.

15 Die engel wat met my gepraat het, het 'n goue meetstok gehad om
daarmee die stad, haar poorte en haar muur te meet.* 16 *Die stad is
vierkantig uitgelê, haar lengte is dieselfde as haar breedte. Hy het toe
die stad met die meetstok gemeet, twaalfduisend *stadion*[r] — die lengte,

---

***21:8 die brandende ... swael:** Jes 30:33; Matt 25:41; Op 19:20; 20:10,15; **vuur en swael:** Gen 19:24; Ps 11:6; Eseg 38:22; Op 19:20; *3 Mak* 2:5 •Pseudepigrawe

***21:10 Hy het ... gewys:** Eseg 40:2

***21:11** Jes 60:1-2,19

[q]**21:11 haar:** Vgl Op 21:2,9 waar die stad as bruid voorgestel word.

***21:12-13** Eks 28:1; Eseg 48:30-35

***21:15 'n goue ... meet:** Eseg 40:3,5

***21:16-17** Eseg 48:16-17

[r]**21:16 12 000 stadion:** Ongeveer 2 220 km; •Lengtemate.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

breedte en die hoogte daarvan is dieselfde. [17] Hy het ook die muur van die stad gemeet — honderd vier-en-veertig el[s] hoog in mensemaat, wat ook die engelemaat is. [18] Die boumateriaal van die muur was jaspis en dié van die stad suiwer goud, so blink soos 'n skoon spieël. [19] Die fondamente van die stadsmuur is met elke soort edelsteen[t] versier:[*] die eerste fondament met •jaspis, die tweede met •saffier, die derde met •robyn, die vierde met •smarag, [20] die vyfde met •sardoniks, die sesde met •karneool, die sewende met •chrisoliet, die agtste met •beril, die negende met •topaas, die tiende met •turkoois, die elfde met •hiasint en die twaalfde met •ametis. [21] En die twaalf poorte is twaalf pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die hoofstraat van die stad is van suiwer goud, so blink soos deurskynende glas.

[22] [*]'n Tempel het ek egter nie in haar gesien nie, want die Here God, die Almagtige,[*] en die Lam is haar tempel. [23] Ook het die stad nie die son en die maan nodig om haar te verlig nie, want die heerlikheid van God het haar verlig[*] en die Lam is haar lamp. [24] En die nasies sal leef in haar lig[*] en die konings van die aarde sal hulle heerlikheid na haar toe bring.

---

[s]**21:17 144 el:** Ongeveer 65 meter; •Lengtemate.

[t]**21:19 soort edelsteen:** Die kleurryke edelstene wat genoem word dui op die prag van die Nuwe Jerusalem; •Edelstene.

[*]**21:19 Die fondamente ... versier:** Jes 54:11-12

[*]**21:22** Eseg 21:16

[*]**21:22 die Here ... Almagtige:** Am 3:13 •Septuagint; 4:13 •Septuagint; Op 1:8; 4:8; 11:17; 15:3; 16:14; 19:6,15

[*]**21:23 het die ... haar verlig:** Jes 60:19-20; Op 22:5

[*]**21:24 die nasies ... lig:** Jes 60:3,5; *Ps Sal* 17:34,31 •Pseudepigrawe

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

25 *Haar poorte sal bedags nie gesluit word nie en daar sal ook nie meer
nag wees nie.* 26 *Hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies na
haar toe bring. 27 En niks wat besoedel is, en niemand wat iets gruweliks
en vals gedoen het, sal ooit toegang tot haar kry nie,* slegs hulle wat
opgeteken is in die •boekrol van die lewe* van die Lam.

# 22

1 *Toe het die engel aan my 'n rivier met die water van die lewe gewys.
Dit was helder soos kristal en het gestroom uit die troon van God en die
Lam. 2 In die middel, met die hoofstraat aan die een kant en die rivier aan
die ander kant, staan die boom van die lewe wat twaalf keer vrugte dra;
elke maand dra dit vrug. En die blare van die boom bring genesing vir die
nasies.* 3 Daar sal geen vloek meer wees nie.* Die troon van God en die
Lam sal in die stad wees en sy diensknegte sal Hom dien. 4 Hulle sal sy
aangesig sien,* en sy Naam is op hulle voorkoppe.* 5 Daar sal ook nie meer
nag wees nie.* Die behoefte aan die lig van 'n lamp en die lig van die son
sal nie meer bestaan nie, omdat die Here God hulle sal verlig* en hulle vir
ewig en ewig as konings sal heers.*

---

*__21:25__ Jes 60:11

*__21:25 daar ... wees nie:__ Sag 14:7; Op 22:5

*__21:26__ Ps 72:10-11; *Ps Sal* 17:34,31 •Pseudepigrawe

*__21:27 niks ... kry nie:__ Jes 52:1; 1 Kor 6:9-10; 2 Pet 3:13; Op 22:15

*__21:27 die boekrol ... lewe:__ Eks 32:32-33; Ps 69:29; Dan 12:1; Fil 4:3; Op 3:5; 13:8; 17:8; 20:12,15

*__22:1__ Eseg 47:1; Joël 3:18; Sag 14:8

*__22:2 die rivier ... nasies:__ Gen 2:9; 3:22; Eseg 47:12

*__22:3 Daar ... wees nie:__ Sag 14:11

*__22:4 Hulle ... sien:__ Ps 17:15; 42:3; Matt 5:8

*__22:4 Naam ... voorkoppe:__ Op 3:12

*__22:5 Daar ... wees nie:__ Sag 14:7; Op 21:25

*__22:5 Die behoefte ... verlig:__ Jes 60:19-20; Op 21:23

*__22:5 hulle vir ... heers:__ Dan 7:18,27; Op 5:10; 20:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

### Wederkoms van Jesus Christus

6 Toe het die engel aan my gesê: “Hierdie woorde is betroubaar en
waar. Die Here, die God van die geeste van die profete, het sy engel
gestuur om aan sy diensknegte te wys wat binnekort moet gebeur.[*]”
7 “Kyk, Ek kom gou![*] Gelukkig is dié wat vashou aan die woorde van
die profesie van hierdie •boekrol.”
8 Ek, Johannes, is die een wat hierdie dinge gehoor en gesien het. Toe
ek dit gehoor en gesien het, het ek in aanbidding neergeval aan die
voete van die engel wat hierdie dinge aan my gewys het. 9 Maar hy het
vir my gesê: “Moet dit nie doen nie! Ek is net 'n dienskneg saam met jou
en jou broers,[u] die profete, en saam met diegene wat vashou aan die
woorde van hierdie boekrol. Aanbid God!”[*] 10 Hy het ook vir my gesê:
“Moenie die woorde van die profesie van hierdie boekrol verseël nie,
want die bestemde tyd is naby.[*] 11 Wie onreg pleeg, laat hy nog meer
onreg pleeg; wie onrein is, laat hy nog meer onrein word; maar wie
regverdig is, laat hy nog meer geregtigheid beoefen, en wie heilig is, laat
hy nog meer heilig word.”

[*]**22:6 om … gebeur:** Dan 2:28-29,45; Op 1:1,19

[*]**22:7 Ek kom gou:** Op 2:16; 3:11; 22:12,20

[u]**22:9 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

[*]**22:8-9 het ek … God:** Hand 10:25-26; Op 19:10

[*]**22:10 Moenie … naby:** Dan 12:4; **want … naby:** Op 1:3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[12] “Kyk, Ek kom gou![*] En die beloning is by My[*] om elkeen volgens sy
optrede te beloon.[*] [13] Ek is die Alfa en die Omega,[v] die Eerste en die Laaste,[w]
die Begin en die Einde.[*] [14] Gelukkig is diegene wat hulle lang stolas[x] was
sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe,[*] en die stad deur die
poorte kan binnegaan.

[15] [*]“Die honde[y] bly buite, ook die towenaars en die hoereerders, die
moordenaars en die afgodedienaars en ook elkeen wat die leuen liefhet
en beoefen.

[16] “Ek, Jesus, het my engel gestuur om teenoor julle oor hierdie dinge
in die gemeentes te getuig. Ek is die loot[z] en die geslag van Dawid,[a] die
helder môrester.[b]”

---

[*]**22:12 Ek kom gou:** Vgl kruisverwysing in vs 7

[*]**22:12 die beloning ... My:** Jes 40:10; 62:11

[*]**22:12 om ... beloon:** Ps 28:4; 62:13; Spr 24:12; Jes 59:18; Jer 17:10; Rom 2:6; 1 Kor 3:8; 2 Kor 11:15; 2 Tim 4:14; 1 Pet 1:17; Op 2:23; 18:6; 20:13-14

[v]**22:13 Alfa ... Omega:** Die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet; vgl Op 1:8; 21:6.

[w]**22:13 die Eerste ... Laaste:** Dit verwys na Jes 41:4; 44:6; 48:12 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Op 1:17; 2:8.

[*]**22:13 die Begin ... Einde:** Op 21:6

[x]**22:14 lang stolas:** 'n Lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Kleredrag.

[*]**22:14 die boom ... lewe:** Gen 2:9; 3:22; Eseg 47:12; Op 22:2,19

[*]**22:15** 1 Kor 6:9-10; Op 21:8,27

[y]**22:15 honde:** Word met onreinheid geassosieer; vgl Ps 22:17,21; Mark 7:27,28; Luk 16:21; Fil 3:2.

[z]**22:16 loot:** Kan ook vertaal word met “wortel”.

[a]**22:16 Ek is ... Dawid:** Dit verwys na Jes 11:1,10 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Rom 1:3; Op 5:5.

[b]**22:16 die helder môrester:** Dit verwys na Num 24:17 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Op 2:28.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

[17] En die Gees en die bruid sê: “Kom!”
En laat elkeen wat luister, sê: “Kom!”
En laat elkeen wat dors het, kom.
En laat elkeen wat dit begeer, die water van die lewe kom kry, verniet!*

[18] Ek getuig teenoor elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boekrol hoor:

“As iemand iets hieraan toevoeg,
sal God die plae waarvan in hierdie boekrol geskryf is, aan hom toevoeg.
[19] En as iemand van die woorde van die boekrol van hierdie profesie wegneem,*
sal God sy aandeel aan die boom van die lewe*
en aan die heilige stad waarvan in hierdie boekrol geskryf is, wegneem.”

[20] Hy wat hierdie dinge getuig, sê:

“Ja, Ek kom gou!*”
•Amen! Kom, Here Jesus!

## Seëngroet

[21] Die genade van die Here Jesus bly by julle almal.

---

*__22:17 laat elkeen wat dors … verniet:__ Jes 55:1; Joh 7:37; Op 21:6

*__22:18-19 As iemand iets … profesie wegneem:__ Deut 4:2; 12:32

*__22:19 die boom … lewe:__ Gen 2:9; 3:22; Eseg 47:12; Op 22:2,14

*__22:20 Ek kom gou:__ Vgl kruisverwysing in Op 22: 7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika